

2006:2

matieland



Russel
Botman is
ons nuwe
Rektor

Natalia: *performer* met baie op die hart

Is daar 'n toekoms vir
musiek- en dramastudente?

besoek www.matiesalumni.net vir die jongste alumni nuus

CENTRAL R 2.73 M



In Cul-de-sac af van Dorpstraat naby die middeoord en Eersterivier, met 6 slaapkamers. Pragtige Oregon vloere en hoë plafonne.

DIE BOORD R 2.75 M



Low maintenance 3 bedr home with spacious 2 bedr flat (105 m²). 3 Garages and 3 entertainment areas, braai, stoep, alarm and computerized irrigation.

DIE BOORD R 1.8 M



'n Ware juweel in puik toestand! Dupleks dorps huis met 3 Leefareas, 2 kuier-patios, 3 slpk en 2 badk. Noordfront. Naby skole.

KARINDAL R 3.7 M



Uitstekende ligging in gewilde woonbuurt naby skole en kampus. 12 Slaapkamers (6 en-suite). Privaat swembadarea. Berg uitsigte.

DIE WEIDES R 2.99 M



Uitstekend geleë studente/familie-woning met uitbreidings moontlikheid. Groot erf met addisionele parkering. 6 Slpk, houtvloere en ruim leefvertrekke.

DE ZALZE WINELANDS GOLF ESTATE P.O.R



Luxurious home with state of the art electronics. 3 Living areas, gourmet kitchen plus 4 bedrooms en-suite. Unimpeded mountain views.

JONKERSPARK R 2.35 M



Simplex in sought after security development. Spacious living areas lead to stoep with braai, garden and pool. 3 Bedr and 2 bath. with double garage.

DIE WEIDES R 3.57 M



A real gem for the discerning buyer! A lovely home with spacious rooms, wooden floors and high ceilings on a large plot with lush trees.

WOONSTELLE / FLATS



Great selection of student flats available. Te Koop: Vanaf R 535 000 vir 2 slpk. ***CONTACT US FOR FLATS TO RENT***

SOMERSET-WEST P.O.R



Exquisite 64 ha wine farm with historic Cape Dutch home. Excellent terroirs for both red and white cultivars. Wine cellar & cottage.

STELLENBOSCH P.O.R



For the connoisseur! 22 ha. Stunning views over Falsebay and Cape Town.

WELGEVONDEN



Security village close to town overlooking vineyards and mountains. Own title. 3 Bedrooms, 2 bathrooms, garage. (140 m² - 200 m²). As from R 949 000.



VOORBLAD:
Natalia da Rocha,
'n performer met
baie op die hart

Lees meer oor haar
op bl 10

Foto: Hannes Thiar

Die Universiteit se oudstudee en donateurs
ontvang Matieland gratis.

REDAKTEUR: MARTIN VILJOEN

REDAKSIEKANTOOR

Bemarking en Kommunikasie, Privaat Sak XI,
Matieland, 7602, Tel (021) 808 4921, Faks (021)
808 3800, E-pos: media@sun.ac.za

SIRKULASIE

Malena Fourie, Stellenbosch Stigting,
Privaat Sak XI, Matieland, 7602,
Tel. (021) 808 4843, Faks (021) 808 3026,
E-pos: alumni@sun.ac.za

Gepubliseer sedert 1957
Jaargang 49 02:2006
ISSN 0025 5947

ONTWERP EN UITLEG

Lizanne Murison, Out of the Blue Creative
Communication Solutions,
Tel. (021) 947 3508, www.outoftheblue.co.za

DRUK: Universiteit Stellenbosch Drukkery

FRONT COVER:

Natalia da Rocha, a performer with a lot on her
mind. Read more about her on page 10.

PHOTO: Hannes Thiar

Matieland is mailed free of charge to the
University's alumni and donors.

EDITOR: MARTIN VILJOEN

EDITORIAL OFFICE

Marketing and Communication, Private Bag XI,
Matieland, 7602, Tel (021) 808 4921,
Fax (021) 808 3800, E-mail: dd@maties.sun.ac.za

CIRCULATION

Malena Fourie, Stellenbosch Foundation,
Private Bag XI, Matieland, 7602,
Tel (021) 808-4843, Fax (021) 808-3026,
e-mail: alumni@maties.sun.ac.za

Published since 1957

Year 49 02:2006

ISSN 0025 5947

DESIGN AND LAYOUT

Lizanne Murison, Out of the Blue Creative
Communication Solutions, Tel. (021) 947 3508,
www.outoftheblue.co.za

PRINTING: Stellenbosch University Printers

Menings uitgespreek in Matieland is nie nood-
wendig dié van die redakteur of die Universiteit
Stellenbosch nie.

Viewpoints expressed in Matieland are not nec-
essarily that of the editor or Stellenbosch
University.

inhoudcontents

REDAKSIONEEL	EDITORIAL	2
BRIEF	LETTERS	3
Prof Russel Botman is US se nuwe rektor		5
BROKKIES	SNIPPETS	6
ARTIKELS	ARTICLES	
'n Baanbreker in die vermaaklikheidsbedryf		10
Ma, ek wil gaan drama swot		12
Blink toekoms wag vir musiekstudente		14
Kamerkoor is 'n eerste vir Suid-Afrikaanse koormusiek		15
Sertifikaatstudent wen groot reisbeurs		17
NAVORSING	RESEARCH	
Stellenbosch women scientists achieve research success		18
Matie ingenieurs wen Nasionale Innovasie-kompetisie		19
Sooispitseremonie vir nuwe Navorsing- en		
Konferensiesentrum gehou		20
University launches new Centre of Excellence to combat disease		20
FAKULTEIT	FACULTIES	
Prof Johannes du Plessis weer terug by Kweekskool		21
Totsiens, prof Park		21
Fish heads are good for children		22
US se melkkudde onder die room		22
Universiteit se kelder oes mooi Jongwyskous		23
Universiteit hervat fynbosprogram		23
Parasiete is noodsaaklik vir balans in die ekosisteem		23
Conference in Africa a dream come true for Prof Koch		24
Pine expert receives Swiss prize		24
Natuurwetenskappe groet dekaan		25
SA Akademie vereer flinke wiskundige		25
Equipment for schools involved with ant project		25
USB beats top USA business schools		26
Talking economics with the big guns for 60 years		27
Gesondheidswetenskappe en Medi-Clinic hernieu ooreenkoms		28
CAT for a better future		28
Radiologieleerstoel vir Gesondheidswetenskappe		28
Stralingskundigheid word by Tygerberg uitgebrei		29
ALLERLEI	MISCELLANEOUS	
'Versweë stemme' nou klokhelder		30
As mure kon praat		31
ALUMNI		32
SPORT		36
IN MEMORIAM		38
AGTERBLAD		40



UNIVERSITEIT-STELLENBOSCH-UNIVERSITY
jou kennisvennoot-your knowledge partner

Medewerkers aan hierdie uitgawe van Matieland



Sybille Albrecht,
mediese wetenskap-
skrywer van die
Fakulteit
Gesondheids-
wetenskappe



Engela Duvenage,
wetenskapskrywer
van die Fakulteit
Natuurwetenskappe



Heidi October,
Koördineerder
Alumni-verhoudings-
bou by die
Universiteit



Lou-Ann Stone,
vryskutskrywer en
musikant



Marli van Wyngaard,
sportredakteur van die
Eikestadnuus



Heloïse Davis,
vryskutjoernalis



Theo Kemp,
vryskutskrywer en
organiseerder van
die Stellenbosch
Woordfees



Lynne Rippenaar,
Redakteur van die
US-personeel
koerant, Kampusnuus



Karin Theron,
media skakelpersoon
van die Fakulteit
AgriWetenskappe



René Vollgraaff,
joernalistiekstudent
aan die Universiteit



redakteursbrief

"Jy wil wát gaan swot?!"

Dramastudente kon jy op 'n myl uitken. As dit nie boheemse of Oosterse rokke is wat besaai is met blinkertjies en groot gekleurde krale nie, dan was dit kledingstukke wat met opset nie bymekaar pas nie of selfs 'n rok bo-oor jeans én kaalvoet. Die hare is deurmekaar en lyk soos iets uit 'n Star Wars-flik – alles net om 'n statement te maak.

Dis die prentjie van dramastudente wat in my kop vasgesteek het toe ek 'n student was – en ek was maar bietjie lugtig vir hulle.

Hulle kon tog so, wel, dramaties wees. Boonop het ek die idee gehad dat dramastudente nooit skaam was nie. Groot handbewegings en die oë wat rol saam met 'n verduideliking van hoekom Julian's die beste scones en Café Latté's in Stellenbosch het.

Ja, ek veralgemeen! Amper soos om te sê dat landboustudente altyd lang rugbykouse en boots saam met 'n kortbroek klas toe gedra het en studente in die Regte uitgevat was in 'n snyerspak en klas gedraf het met 'n aktetas. (Brek-studente het 'n reeks penne in hul boonste sakke gedra, maar nou begin ek moeilikheid soek.)

Musiekstudente het ek weer gedink leef in 'n ander wêreld en het net af en toe aarde toe gesweef. In die kerk het

hulle jou sommer vinnig laat verstaan dat jy die betrokke gesang te hoog ingesit het of dat dit hoog tyd is dat die orrel ingestem word. En as jy gedink het hulle was van die noot af, dan moet jy hoor hulle het eintlik deskant gesing.

Genoeg van die veralgemenings. Is dit nog die moeite werd om drama of musiek te studeer? En hoe baie ouers reageer nog met 'n "Jy wil wát gaan swot?!" by die aanhoor van hul kinders se planne om Hollywood te verower. Of 'n "Waar gaan jy werk kry, my kind?" as hulle hoor dat die klavierlesse nie net 'n stokperdjie was nie.

Om hierdie vrae te antwoord, het ons nie net by die Departemente Drama en Musiek gaan kers opsteek nie, maar gesels Oudmatie Natalia da Rocha met ons.


- Hierdie uitgawe van *Matieland* kry jy bietjie later as gewoonlik. Die rede daarvoor is dat ons besluit het om eers te hoor wie die nuwe rektor is. Ons vertel meer van Russel Botman in die volgende uitgawe, maar op bl 5 gee ons 'n kort skets. Sit agteroor en geniet hierdie uitgawe!

Groete
Martin Viljoen

Matieland is (amper) 50 jaar oud.

In 2007 vier *Matieland* (sover bekend die oudste universiteitsblad vir alumni in Suid-Afrika) sy 50ste verjaarsdag. In die volgende uitgawe vertel ons meer van hierdie besondere mylpaal. Maar ons kan

dit net suksesvol doen as Oudmaties wat in die laat 1950's studente op die Bos was vir ons help. Hoe het Stellenbosch gelyk? Wie was die karakters op die Bos? Waar het julle gekuier? Komaan, skryf vir ons.



In *Matieland* 2006:1 we asked alumni to make suggestions on how we can cater for a growing number of non-Afrikaans speakers. Thank you very much for a good number of responses from inter alia Gerald Meke, Malawi, Mpho Kelosiwang, Botswana, and Gideon van der Merwe, Strand.

Johan R van Zyl, Bloemfontein:

'n Paar maande gelede het ek eindelijk gekwalifiseer vir 'n bordjie voor my erf waarop staan "Ok afgetree". Nou betrap ek my gereeld in die sinlose praktyk om steeds my wekker vir 05:00 te stel!

Jare der jare gelede (soos Oom Kaspaas sou gesê het) was ek in Huis Fred Liebenberg, nog voordat die inwoners sombrero's begin dra het. Ná afstudering, met 'n BSc (Agric)-sertifikaat in my sak, het ek oorkant die Oranje, by Kopsies, my Honneurs- en M-grade verwerf. Ek het ook aan UNISA 'n nagraadse hoëronderswydiploma bekom. Ek wil beaam: 'n korrespondensiekursus is nie vir sissies nie!

Dit was my voorreg om meer as 35 jaar lank aan studente van die Landboukollege Glen onderrig te gee. Maar ek moet erken – ter voorbereiding van my dienstermyn in die wetenskap is dit in die Eikestad waar ek die inspirasie en aansporing gekry het om in my loopbaan enduit te presteer. Rolmodelle op Stellenbosch was o.a. prof Frans van der Merwe (Landbou) en dr Allen (Erflikheidsleer).

Ek loop steeds van my oudstudiante raak – wat 'n plesier om die "voller figure" en laggende oë te sien!

Ek moes daaglik ver pendel om by die werk te kom. Om die jare se kilometers bymekaar te tel, maak 'n interessante sommetjie: 682 890 km! Kyk, dis 'n syfer van epidermiese proporsies (om Oubaas van 7de Laan aan te haal). Daarmee kan jy maan toe reis, daar omdraai en tot bitter naby aan Moeder Aarde terugkom. Werk self uit en kyk of ek jok!

Groetnis!



brieweletters

Skryf en wen!

Weer eens baie dankie aan almal wat geskryf het. Ongelukkig kan ons nie alle briewe plaas nie, maar die redaksie probeer sover moontlik alle briewe beantwoord.

Ons wenbrief kom van mnr Johan van Zyl van Bloemfontein. Twee bottels Landskroonwyn én twee boeke, uitgegee deur African Sun Media (ASM), is op pad na jou toe, Johan!

Kontak ASM by tel (021) 808 2610 en Landskroon by tel (021) 863 1039 of sien www.landskroonwines.com.

Matieland erken ook die skrywes van onder meer mnr Francois Daniël Hugo van Klein-Brakrivier, prof Bodley van der Westhuizen, en Mnr AL Schnepel met wie daar persoonlik geskakel is.

Matieland verwelkom briewe aan die redakteur – selfs al is dit net om ons daarop te wys dat "née" net een akuut moet hê! Briewe moet vergesel wees van 'n naam en adres, maar kan op versoek anoniem geplaas word. Briewe moenie langer as 250 woorde wees nie.

Rig jou briewe aan: Die Redakteur: Matieland, Afdeling Bemaking en Kommunikasie, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602. Briewe kan ook gefaks word na tel (021) 808 3800 of per e-pos gestuur word na media@sun.ac.za.

Tienie Halgryn, George:

Die atleet wat die gewigstootrekord gehou het, was John van Reenen en nie Van Rooyen nie. Van Reenen was ook die wêreldrekordhouer in diskus. Ek was nooit 'n Matie nie, maar het in 1959 'n Matie-ondersteuner geword. Dié "beking" was na die besoek van die Maties se eerste span in 1957 toe hulle SWD geklop het.

Avril Malan, Attie Baard, James Starke, Swys Coetzee, Dawie Ackerman en vele ander het my laat lekkerkry om te sien hoe die spel werklik gespeel moet word.

Sedert 1975 het ek gereeld die klubkampioenskappe in Durban bygewoon en ten spyte van 'n Diggers-baadjie het ek ook vir die Maties geskreue.

In 1970 speel ek vir die Tuinespan teen die Victoriane en ek word deel van 'n span wat die eerste was om hierdie tweede span van Maties in die Groot Uitdaagbekerreeks te klop. Ons kaptein was Rauch van Reenen en spelers soos Louis Terblanche en prof Tromp was deel van ons span.

Ek het later 'n sportverslaafde geword en het ook 'n sport-trivia die lig laat sien.

Wanneer ek as gasspreker by funksies optree, praat ek graag oor interessante sportfeite. 'n Voorbeeld is die volgende: Hoeveel titelgevegte het Cassius Clay gehad? Net een. In 1960 wen Cassius Clay as 18-jarige die ligswaargewig-gouemedaljetitel in Rome. In simpatie met die Black Power gooi hy egter sy medalje in die rivier. (Ses en dertig jaar later word hy die eerste Olimpiese gouemedaljewenner

wie se verlore medalje vervang word tydens die 100-jarige viering van die Olimpiese Spele in Atlanta.)

Op 25 Februarie 1964, nadat hy 19 gevegte agter die rug het, waarvan hy 16 met uitklophoue wen, boks hy teen Sonny Liston om die wêreld-swaargewigtitel. Hy verslaan Liston in die sewende ronde en verander sy naam na ... 'n Nee, verkeerd! Nie na Mohammad Ali nie, maar na mnr X. Eers ses maande later neem hy weens die Mohammedaanse geloof die naam van Mohammad Ali aan en op 25 Mei 1965 verslaan hy Sonny Liston in die eerste ronde as Mohammad Ali.

Ons weet dat hy nie Viëtnam toe wou gaan nie en op 'n stadium word hy die wêreldkroon ontnem. Hy wen dit egter weer en boks teen Ken Norton. Norton slaan Ali se kakebeen af en toe Ali sy titel teen hom moet verdedig, weier Ali. Hy word die titel ontnem en Ken Norton word die nuwe wêreld-swaargewigbokskampioen. Dié verdedig die titel teen Larry Holmes, maar verloor. Norton word dus die eerste wêreld-swaargewigbokskampioen om nooit 'n titelgeveg te wen nie.

Ali wen later weer die titel teen Leon Spinks en word sodoende die eerste bokser om die wêreld-swaargewigtitel drie keer te verower.

Om koue feite te gee is nie interessant nie, maar ek probeer om 'n storie van elkeen te maak.

Enige persoon is welkom om my te kontak. My telefoonnommer is 083 364 5344.

Ernst Toerien, Rusland:

Beste Matieland

Ek is al meer as 12 jaar in Rusland, waar ek as sendeling werk. Die eerste ses jaar was ek woonagtig in St. Petersburg, waarna ek Siberië toe getrek het. Op die oomblik bly ek in 'n klein dorpie met die naam van Balsjoeje ozera (oftewel "groot meer"). Christene is hier maar baie min, met geen kerk in ons dorpie nie.

Die rede hoekom ek in hierdie dorpie bly, is dat ons net buite die dorpie gedurende die somermaande, wanneer dit nogal baie warm word, Christenkampe aanbied vir kinders wat hoofsaaklik uit minder bevoorregte gesinne kom, en uit weeshuise of kinderskuiltjies. Vanjaar het ons altesaam 224 kinders gehad in 3 tentkampe van 10 dae elk, met ouderdomme wat gewissel het van 7 tot 18. Ná die kampe het ons ook 2 vlotvaarte van 5 dae elk aangebied, waarop 29 kinders gegaan het.



Ernst sit gekniel in die middelste ry heel regs.

Hier het temperatuur beslis 'n nuwe betekenis vir my gekry, met temperature van tot minus 50 grade in die lange wintermaande, en tot 40 grade in die kort somermaande.

Indien iemand sou belang stel om te skryf, probeer die elektroniese weergawe van die posstelsel, want ander posstukke het die gewoonte om op pad vas te vries. My adres is: ernsttoerien@rambler.ru.

Dirk Kleinschmidt, Polokwane:

Dankie vir nog 'n uitgawe van Matieland.

Dit gaan vir my oor prof de Stadler se bydrae "Wat doen Stellenbosch vir Afrikaans?".

In die opskrif van die bydrae lê die hele probleem rondom Afrikaans opgesluit. Dit gaan nie oor wat Stellenbosch vir Afrikaans doen nie; dit gaan wel daaroor of Stellenbosch nog 'n Afrikaanse universiteit is, wil wees en vir ons nageslagte Afrikaans sal bly.

As ek by lkeys inskryf, weet ek ek skryf by 'n Engelse universiteit in en kan ek nie kla as Afrikaans nie voorop gestel word nie. Indien ek wel sou kla, is ek seker sal my klage op dowe ore val.

Stellenbosch was nog altyd Afrikaans en dit het nog nooit die Universiteit gekniehalter om te presteer nie. As ons veg vir Stellenbosch om Afrikaans te bly en onbeskaamd Afrikaans te wees, is dit nie ter uitsluiting van diegene wat nie Afrikaans is nie. As daar Engelse universiteite mag wees, mag daar sekerlik ook Afrikaanse universiteite wees.

Prof Leon de Stadler, Direkteur van die US se Taalsentrum en Projekleier van die Taaltaakgroep wat verantwoordelik is vir die hersiening van die Taalbeleid, antwoord soos volg:

Ek het die reaksie van mnr Kleinschmidt (Matieland 2006:1) met groot belangstelling gelees en gee graag kortliks die volgende perspektiewe.

Ek dink dit is belangrik dat 'n mens in die eerste plek erkenning gee aan die Universiteit Stellenbosch se eerlike pogings

om oor baie jare wonderlike inisiatiewe te loods ter bevordering van Afrikaans, en dit wou my artikel dan ook doen. Dit is beslis nie 'n poging om een of ander dieper verantwoordelikheid rakende ons "Afrikaansheid" te ontken of te ontduik nie.

Mnr Kleinschmidt kan egter daarnaas met reg vra dat ons ook moet aandag bestee aan die vraag oor die mate waarin ons nog 'n Afrikaanse universiteit is. Stellenbosch wil steeds 'n voorkeurbestemming bly vir Afrikaanse studente wat nog in Afrikaans wil studeer, maar ons moet natuurlik ook rekening hou met die feit dat ons studentegemeenskap lankal reeds nie meer net uit Afrikaanssprekende studente bestaan nie.

Verder moet ons ook rekening hou met die feit dat daar nie so 'n reglynige vergelyking getref kan word tussen die "onbeskaamde" Engelsheid van Engelstalige universiteite en die "onbeskaamde" Afrikaansheid van Afrikaanstalige universiteite nie. Op hierdie punt is die wêreld nou maar eenmaal vir ons 'n ongelyke speelveld, met die kleiner, veral plaaslike, taal wat moet meeding met die groter wêreldtaal wat in die akademiese wêreld ook lingua franca is vir byna almal. Ons moet dus juis vir Afrikaans 'n plek beding in 'n akademiese konteks waarin die rol van Engels nie ontken kan word nie en ook nie ontken mag word nie. Afrikaans sal in die akademiese wêreld net 'n kans hê as ons op verbeeldingryke wyse met hierdie konteks omgaan, en dis dan ook die uitdaging wat die Universiteit aanvaar in ons soeke na oplossings vir 'n besonder komplekse probleem.

Ds AJ van Zijl, Worcester:

Ek het die jongste Matieland interessant en insiggewend gevind en baie teruggedink aan my studente-dae op Stellenbosch.

Ek is in Nigerië, Noord-Afrika, op 27 April 1928 gebore as 'n seun van eerwaarde en mev JN van Zijl, twee pioniersendelinge in die Soedan Sending. (Op driejarige ouderdom keer ek na Suid-Afrika saam met my ouers terug.)

Op die sendingstasie Sevar was daar 'n Nigeriër as huishulp by my ouers werksaam. In 1965, met die ingebruikneming van die nuwe NG Sinodale Kerkkantoor en Sentrum, Kaapstad, word bogenoemde huishulp, wat intussen die moderator van die Tiv-Kerk geword het, daarheen genooi. By die openingseremonie kom dank hy die NG Kerk, die moeder wat haar seuns en dogters daarheen gestuur het en groot opofferings gedoen het om die evangelie van Jesus Christus te kom verkondig. Toe hy my groet, lê hy sy hand op my hoof en sê met aandoening: "Ek het jou baie rondgedra toe jy klein was en baie vir jou gebid."

Geen wonder dat ek na my Stellenbosch-studies en sewe jaar tabakboerdery uiteindelik in 1961 op Stellenbosch gelegitimeer word. Na 'n lang en vrugbare bediening emeriteer ek in 1990 en vestig my in Somerset-Wes.

Al vier my kinders het by die US afstudeer. Ek en my vrou het nege klein-kinders, waarvan die oudste vanjaar DV as mediese dokter afstudeer. Aan die Universiteit Stellenbosch 'n woord van dank, en bo alles aan die Ewige God vir genade en onverdiende guns.

Gideon du Toit, Wellington, Nieu-Seeland:

Met die eerste oogopslag lees ek die opskrif van "Die laaste sê ..." (2006:1) as "Bloubokkies op 'n wintersoggend". Voordat ek hierdie disleksiese flater van my kon besef, sien ek in my verbeelding 'n troppie van die wildsbokke op 'n grys-koue vlakte in Suid-Afrika. "Ja," dink ek, "dit is nou winter daar, net soos hier."

Die klimaat in Wellington, Nieu-Seeland, waar ek nou woon, is baie soos dié van Stellenbosch wat ek in 1954 tot 1957 en weer in 1972 tot 1974 beleef, of liever, geniet het, want Matie-wees was 'n hoogtepunt in my lewe. Ai, daardie insektekundelesse van prof Pottie Potgieter en die "sing-songs" op Coetzenburg voor "Intervarsity" - en Afrikaans praat - dit was een van die bestes!

Teen hierdie tyd besef jy dat ek die gereelde ontvangs van my Matieland hoogs waardeer. Wat hierdie uitgawe betref - ek dink dit is uitstekend.



Prof Russel Botman is US se nuwe Rektor

"Ek is opgewonde en dankbaar oor die aanstelling. Dis 'n bekroning van my lewensroeping. Ek voel hierdeur bemagtig om 'n nog groter bydrae te lewer tot kennisontginning, eenheid en geregtigheid in ons land. Dit gaan 'n voorreg wees om die US in die volgende fase te lei."

So het prof Botman gesê toe hy die nuus hoor dat hy as Rektor van die Universiteit Stellenbosch (US) aangestel is.

Prof Botman (53) het die grade BA, BTh, BTh Lisensiaat, MTh (cum laude) en DTh by die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) verwerf. Gedurende die 1980's en 1990's het hy as Leraar en Assessor van die destydse NG Sendingkerk gedien. In 1994 word hy Senior Lektor in Praktiese Teologie in die Fakulteit Godsdiens en Teologie by UWK. In 1999 is hy aangestel as Medeprofessor en later as Dekaan van die Fakulteit.

Hy het in 2000 by die US as professor by die Departement Praktiese Teologie en Missiologie aangesluit en vir twee jaar hierdie pos gevul. Toe is hy aangestel as Viserektor (Onderrig). Hy het by verskeie geleenthede as Waarnemende Rektor opgetree in die afwesigheid van die huidige Rektor, prof Chris Brink.

Hy dien as Lid van verskeie organisasies waaronder die Internasionale Akademie van Praktiese Teologie. In 1989 het hy 'n spesiale toekenning as kampvegter vir

geregtigheid en menslikheid van die Stadsraad van Milwauke in die VSA gekry. Hy is 'n voormalige voorsitter van die Teologiese Vereniging van Suider-Afrika, die stigter en senior adviseur van die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie, was voormalige Voorsitter van die Hoër Onderwys Gehalteoudit-span vir die Universiteit van Witwatersrand in 2006, is 'n nie-Uitvoerende Direkteur van Media 24 en Voorsitter van die Absa Klein Karoo Nasionale Kunstefees.

Hy is internasionaal bekend as teoloog, het die World Alliance of Reformed Churches oor verskeie temas geadviseer en het al 24 hoofstukke bygedra tot boekpublikasies en verskeie groot publikasies. Hy het 14 artikels in teologiese akademiese tydskrifte gepubliseer en ook verskeie bydraes gemaak tot populêre vaktydskrifte. Hy is tans President van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. 

• In die volgende uitgawe van *Matieland* vertel ons meer oor prof Botman en sy visie vir die Universiteit. Ook groet ons vir prof Chris Brink, wat 'n pos as Visekanselier van die Universiteit van Newcastle in Engeland aanvaar het.



Dosent met 'n vuurwa. Donnagene Damens ry met dié geel vuurwa rond as deel van haar prys nadat sy as Mej Skiereiland gekroon is. (Foto: SSFD)

Kwart van Mej Suid-Afrika-finaliste het Matiebande

Drie van die twaalf finaliste van die 2006 Mej Suid-Afrika-kompetisie het bande met die Universiteit. Tracey-Lee Flanders, 'n viool- en klavierspeler in eie reg, is 'n 21-jarige mediese student aan die US en kom van Constantia in Kaapstad.

Ma-Li Hibbers is 'n finalejaar-BComm (Regte)-student en is 'n boorling van Durbanville. Donnagene Damens het 'n BComm (Bestuursrekeningkunde)-graad en 'n Honneursgraad in Finansiële Rekeningkunde aan die US verwerf en is 'n deeltydse dosent in die Departement Rekeningkunde.

In 2005 het die Universiteit met twee Matie-finaliste, Jodi Godden en Julia Jansch, gespog. Oudmatie Jo-Ann Strauss is in 2000 as Mej Suid-Afrika gekroon.



Kom eet saam in Victoriastraat! Gabriëlle Raad en Schalk van Wyk, albei van Metanoia, het saam met duisende ander Maties tydens Matie-week in Victoriastraat geëet.

Matie-week word groot hoogtepunt

Die Studenteraad (SR) het in 2006 vir die derde agtereenvolgende jaar die ABSA Matie-week aangebied. Volgens een van die organiseerders, Hamman de Vaal, was die klem vanjaar op Matie-trots, asook om "diverse interaksie tussen Maties te bevorder om sodoende gemeenskapsbewussmaking en -interaksie aan te wakker".

Om hierdie doelstellings te bereik, is 'n groot verskeidenheid aktiwiteite tydens die tweede week van die derde kwartaal gehou. Dit het ingesluit 'n groot hare-skeer-of-kleur-dag vir kankerbewussmaking; 'n inryteater op die Neelsie-parkeerarea; 'n 1-in-9-verkragting-bewussmakingsveldtog; 'n avontuurpretdraf (op Stellenboschberg bo Coetzenburg); 'n Matie-middagete, waar al

die Maties vir middagete in Victoriastraat bymekaargekom het; 'n akoestiese musiekaand in die Endler, met optredes deur Rory Eliot, Arno Carstens en Albert Frost; 'n spelling bee tussen die SR (saam met die Primkomitee) en Die Matie (saam met MFM); 'n (saam met MFM); 'n jazz-en-swing-dansaand; 'n teateruitstappie na die Kunstekaap om die musiekblyspel *We will rock you* te gaan kyk; 'n toneelvertoning in die Neelsie-gat; 'n groot PSO-partytjie met DJ's en al; en 'n skole-opknappingsprojek.

Die drie begunstigdes van die ABSA Matie-week, Friends of Children's Hospital Association, Thembalitsha Foundation en die Sunflower Fund, het na afloop van hierdie vol week 'n totaal van R3 800 elk ontvang.

Metanoia is Stellenbosch's youngest residence

The residence that for a long time was referred to as the "nuwe koshuis", and on whose name students and University administration spent months before consensus was reached, was officially opened in September.

Metanoia, as the residence is now officially known, is the Greek word for a change of heart and a change of mind.

In this light, the residents selected six values that they will strive towards as members of Metanoia. These are excellence, ubuntu, love, integrity, pride and equality.

According to Mr Jerome Slamet, Director: Community Interaction and Resident Warden of Metanoia, this is the first time that such a diverse group of people has been accommodated in one residence at Stellenbosch. About 54% of the

students in the residence are white, while 46% are black. Metanoia is also the biggest residence owned by the University, housing some 500 male and female students.

"The diversity of residents makes the residence a much more vibrant place," says Mr Slamet. "Here at Metanoia we don't only strive towards diversity, but we also celebrate it. This is the first new residence that has been built in Stellenbosch in many years and it gives us the unique opportunity to live out Vision 2012 in Metanoia. Metanoia is an example of what Stellenbosch as a whole can be."


John Cockcroft, a resident of Metanoia, welcomed the guests to the event in English, Afrikaans and Xhosa. "This joyful day is



Open for business.

Prof Chris Brink, the Rector and Vice-Chancellor, officially opened Stellenbosch's youngest residence, Metanoia, in September.

distinguished by the celebration of Metanoia's inauguration. After years of hard work and sweat, the blueprint of Stellenbosch finally has the honour of opening its doors to a diverse group of people and embracing their ideas," he said.




Slaghuis wen Sanlam-prys vir Afrikaanse Teater

Die Departement Drama se produksie, Slaghuis, is tydens die onlangse Aardklop Kunstefees in Potchefstroom met pryse vir beste produksie, teks en regisseur bekroon. Die weners het almal kontantpryse ontvang en die Departement fondse om die produksie by nog twee feeste op te voer.

Slaghuis is 'n opwindende nuwe stuk deur die belowende jong Stellenbosse skrywer Willem Anker, wat twee jaar gelede by die Aardklop Kunstefees opslae gemaak het met sy teks vir die eksperimentele produksie Skroothonde, wat met die gesogte Smeltkroes-prys bekroon is. Marthinus Basson behartig die regie. "Slaghuis is gepas geset in 'n metaforiese plattelandse slaghuis, maar is ook gelykertyd die kamer

van 'n naamlose paartjie, Hy en Sy, êrens naby die hoofweg in Bellville. In die koor-sagtige nag waarin poësie bots teen banale realiteit, is dit vir die jong skrywer wat in die skaduwee van 'n literêre reus staan, logies en onafwendbaar dat hy in 'n oeroue ritueel sy skrywersgod moet slag om by sy eie identiteit as kunstenaar uit te kom," sê Basson.

"Onder die druk van 'n verbrokkelende verhouding word woorde wapens en ontaard hierdie nag van dubbeleindes in 'n Walpurgis Nacht waarin die losgelate verbeelding van 'n jong skepper en die skeppings van 'n ontslape skrywer saamspan om sin te probeer maak van die kunstenaar se verhouding met die wêreld daar buite."



Tygerberg speel eerste plek los

Tygerberg is vanjaar se weners van die SR Van Schaik Toneelfees. Hul toneelstuk, Vertel vir tyd, het die eerste plek verower, terwyl Helderberg en Heemstede tweede was met Spektekieler! Spektekieler!

LINKS: Moenie dié kat sonder handskoene aanpak nie. Bertus van der Merwe (voor), Liam Erwin en Léta Coetzee van Helderberg en Heemstede doen hul ding tydens die SR Van Schaik Toneelfees.

(Foto: Ruan du Plessis, Die Matie)



Kobus Ehlers (links) en Roelof Nel (onder)



Hulle lei die Studenteraad

Kobus Ehlers, 'n BA (Waarde- en Beleidsstudie)-student, is die 2006/2007 Studenteraadsvoorsitter. Kobus is 'n inwoner van Eendrag en het in die Paarl grootgeword.

"Stellenbosch is werklik vir my 'n spesiale plek en het allerlei geleenthede moontlik gemaak. Van al die universiteite wat ek al oor die wêreld besoek het, is daar min wat hierdie besonderse mengsel van potensiaal, vriendskap en erfenis só effektief saamweef," sê Kobus.

Onder sy belangstellings tel tegnologie, sosiale netwerke en veral Web 2.0. Hy dien ook tans as operasionele direkteur van Freegrowth Interactive, 'n IT-onderneming wat hy saam met twee vriende tot stand gebring het.

Die ondervoorsitter is Roelof Nel, 'n teologie-student en 2006 primarius van Wilgenhof. Roelof het in Roodepoort grootgeword, maar sy hoërskoolloopbaan in Stellenbosch voltooi.

Studenteraad

ATKV vereer Stellenbosse woordeboekmakers

Stellenbosse akademici het in Augustus toekennings van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) ontvang vir bydraes tot Afrikaanse taalgidse en woordeboeke.

Me Marietjie du Plessis, taalpraktisyn van die ATKV-Taaldiens en inisieerder van die projek om die toekennings te maak, het gesê dat dié unieke ATKV-Woordwystoekennings 'n spesiale gebaar aan naslaanbronne is. "Met die Woordwystoekening wil die ATKV nie net erkenning verleen aan die woordeboekmakers wat maar altyd op die agtergrond is nie, maar ook die gewone taalgebruiker bewus maak van woordeboeke en taalgidse waarsonder geen taal kan voortbestaan nie."

Sy het gesê dat die bronne wat vir die toekennings in aanmerking gekom het die taalgebruiker met die praktiese gebruik van Afrikaans moet kan help. "Die taalgidse moet vanselfsprekend leiding verskaf oor die gebruik van Afrikaans terwyl die woordeboeke Afrikaans as 'n taal moet bevat."


Die bronne wat bekroon is, lewer volgens me Du Plessis elkeen 'n bydrae tot Afrikaans en per implikasie tot veeltaligheid in Suid-Afrika.

Die toekennings, wat verlede Vrydagaand in Johannesburg gemaak is, vorm deel van die ATKV se 75-jarige bestaansjaarvieringe.

Enkele van die werke van huidige en oud-akademici van die Universiteit Stellenbosch en die WAT wat bekroon is, is:

- *Afrikaanse idioome en ander vaste uitdrukkings*. RP Botha, G Kroes en CH Winckler. (1994) Southern Boekuitgewers.
- *Basiswoordeboek van Afrikaans*. R Gouws, I Feinauer en F Ponelis. (1994) Van Schaik.
- *Groot Tesaurus van Afrikaans*. LG de Stadler en A de Stadler. (1994) Southern Boekuitgewers.
- *Nuwe woordeboek sonder grense*. R Gouws, M Stark en L Gouws. (2004) Maskew Miller Longman.
- *SARA (Sakboek van regte Afrikaans)*. J Combrink en J Spies. (1994) Tafelberg.
- *Suid-Afrikaanse Musiekwoordeboek*. R Otterman en M Smit. (2000) Pharos.
- *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. FF Odendal en RH Gouws. (2005) Pearson Education South Africa.

Kyk in 'n woordeboek. Prof Leon de Stadler, Direkteur van die Taalsentrum, was een van die bekroondes by die ATKV se Woordwystoekenningsgeleentheid. (Foto: SSFD)



Maties se waarnemende regter, prof Juanita Pienaar.

Prof Juanita Pienaar neem waar as regter van die Grondeishof

Prof Juanita Pienaar van die Departement Privaatreg en Romeinse Reg is onlangs as waarnemende regter van die Grondeishof in Randburg aangestel. Prof Pienaar beklee reeds die pos vanaf 1 Augustus en sal tot einde Maart 2007 daar diens doen.

"Daar is redelik druk op die Hof om 'n klomp sake af te handel en te prosesseer en dit is waarmee ek gaan help," sê prof Pienaar. "Die drie verskillende grondhervormingsprogramme, naamlik herverdeling, grondbeheerhervorming en restituisie, is nou redelik op dreef, maar die tempo sal veral by

herverdeling moet versnel. Omtrent 3% van landbougrond is reeds herverdeel, maar die teiken wat deur die staat gestel is, is 30% teen 2014," sê sy.

"Daar is nog agt jaar oor waarin die uitstaande 27% van grond herverdeel moet word. Grondbeheerhervorming is verder ook kompleks en raak miljoene mense landwyd. Die uitstaande restituisie-eise is die meer ingewikkelde eise of gevalle waar daar botsende aansprake ten aansien van dieselfde stuk grond is."

Volgens haar was dit 'n groot verrassing om as waarnemende regter aangestel te word, aangesien sy nie vir die pos aansoek gedoen het nie. "Die President van die Hof het my gebel en gevra of ek dit sou oorweeg," sê sy.

Prof Pienaar se vakgebied is grondhervorming en grondverwante sake.



Die Opvoedkunde-gebou

US se MEd-program verwerf volle akkreditasie

Die Raad op Hoër Onderwys se Gehaltekomitee (die HEQC) het vroeër vanjaar die uitslag bekend gemaak van die nasionale evaluering en herakkreditasie van Magisterprogramme in Opvoedkunde (met spesialisasie in onderwysbestuur) wat gedurende 2005 plaasgevind het.

Die Universiteit Stellenbosch se MEd in Opvoedingsbeleidstudie is een van slegs sewe programme landwyd wat volle akkreditasie verwerf het.

Volgens prof Jan Botha, Direkteur: Akademiese Beplanning en Gehalteversekering, het die US se Fakulteit Opvoedkunde met hierdie uitslag 'n prestigeryke gehaltewaarmaerk verwerf. "Met die toekenning van volle akkreditasiestatus bevestig die HEQC dat die eweknie-beoordelaars bevind het dat die US se MEd in Opvoedingsbeleidstudie aan al die gehaltekriteria voldoen en dat dit 'n voorbeeld is van innovasie en goeie praktyke."



Studente se beste dosente

Op inisiatief van Matie-studente Daan Steenkamp, 'n voormalige Golden Key-voorsitter, en Pieter Koornhof, verlede jaar se voorsitter van die Akademiese Belangeraad (ABR), kry Maties jaarliks kans om te stem vir wie hulle dink die dosente is wat studente die meeste inspireer, motiveer – en fassineer.

Rikus Oswald, medevoorsitter van Golden Key, het gesê dat die toekennings nie net gaan oor wie die heel beste is nie, maar dat dit 'n manier is vir studente "om hul respek te toon vir die dosente wat hulle deur daardie moeilike klasse gebring het en vir hulle hul vakwêreld oopgemaak het".

Die inisiatief word ook reeds erken deur dat die Sentrum vir Onderrig en Leer 2005 se winners as vertrekpunt gebruik in 'n navorsingsprojek oor doeltreffende onderrig in veeltalige klasse, met die inagneming van die taalspesifikasies van verskillende modules.

Die Maties se beste dosente is (agter) mnr Chris Liebenberg (Opvoedkunde), mnr Johan de Wet (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) en dr De Wet Strauss (Natuurwetenskappe). Voor is mnr Jacob du Plessis (Lettere en Wysbegeerte), prof Sonia Human (Regseleerheid), prof Johan Koeslag (Gesondheidswetenskappe), prof Johann de Swart (Ingenieurswese) en dr Jeremy Punt (Teologie). Prof Henk Geertsema (AgriWetenskappe) was afwesig met die neem van die foto.



Women are from Venus ... Die Venus-damespan was algeheel sesde – vóór 'n paar manspanne.

Prosesingenieurswese is 2006 se trapkarkampioene

In ware Le Mans-styl het Ingenieurswese se trapkarwedren hierdie jaar weggespring met bestuurders wat na hul voertuie moes hardloop en inspring terwyl hul spanmaats 'n hupstoot verleen. Die chemiese-ingenieurstudente van die Departement Prosesingenieurswese het eerste die geruite vlag gekry en het 81 rondtes in die vasgestelde tyd voltooi.

Dié gewilde trapkarwedren is in 2005 weer na 15 jaar ingestel. Bo en behalwe spanne van die verskillende ingenieursdepartemente en sommige koshuise, was daar vanjaar ook vrouedeelnemers en 'n alumni-span.

Die uithouwedren van drie uur het op 'n roete rondom die Neelsie plaasgevind met streng spesifikasies vir die vervaardiging van die motors. Elke span het vyf bestuurders wat mekaar afwissel, asook drie beamptes wat help met die "uitpluk" van die bestuurder en hupstoot tydens die verwisseling van bestuurders na elke ronde.

Meganiese Ingenieurswese was tweede en Bedryfsingenieurswese derde. Simonsberg 1 was die eerste onder die koshuisspanne. Die vroue het uitstekend gevaar en die eerste damespan, Venus, was algeheel sesde. Venus het uit ingenieurstudente bestaan.



Nie in die versoeking gelei nie. Oudmatie Theunis Strydom is Suid-Afrika se eerste wenner van Temptation. Inlas: Theunis saam met die aanbieders van Temptation, James Lennox en Bridget Masinga. (Foto: Kopiereg: M-Net)

huis in Johannesburg se noordelike voorstede ter waarde van R2 miljoen. O ja, daar's nog die vakansie ter waarde van R45 000 ook.

Die lekkerste prys? Natuurlik die TV, reken Theunis: "Dit gaan dit soveel lekkerder maak om PlayStation te speel."

Theunis, 'n joernalis by Beeld in Johannesburg, het ook in sy segetog die titel Grand Master opgeraap – 'n speler wat ses aande se spel in 'n ry wen.

Hy skryf sy algemene kennis toe aan baie TV kyk en strooi praat op Dagbreek

met gereelde tussenposes in die versoeking gelei om die punte wat hulle opgestapel het vir luukse goedere in te ruil – teen belaglike lae pryse. Die gevaar is egter dat as jy uitval jy alles verloor. Dring jy egter na die volgende ronde deur, is daar die kans vir nog beter pryse, maar as jy dan uitval, verloor jy alles – selfs dit wat jy in die voorafgaande rondes gewen het.

In hierdie opsig het Theunis sterk bly staan en die beste vir laaste gehou. Die aanbieders kon nie 'n wortel voor sy neus hou wat belangriker as die titel Grand Master sou wees nie. Gevra hoekom hy alles gewaag het, het hy gesê dat as hy die Mazda sou "koop" en nie alles vir die titel op die spel geplaas het nie, sou hy die hele tyd vir homself moes sê: "Theunis, jy't uitgechicken. Dom Theunis."


Sy gunstelingoomblik op stel? Die uitdrukking op James (een van die aanbieders) se gesig toe hy Trevor Manuel geantwoord het na aanleiding van 'n "Who am I?"-vraag. En dit ná net een leidraad: "I was born in 1956 in Kensington, Cape Town..."

Geen versoeking te groot vir Temptation-ster nie!

Geen versoeking blyk te groot te wees vir Oudmatie Theunis Strydom nie. Dié Oud-Dagbreker en nou Suid-Afrika se eerste Temptation-wenner het nie net R178 000 kontant, 'n 127 cm-plasma-TV ter waarde van R30 000, 'n silwer MAZDA RX-8 ter waarde van R350 000 en verskeie ander pryse gewen nie, maar sommer ook 'n

se quadbankies, maar voordat aspirant-Temptation-sterre te opgewonde raak, vertel Theunis dat hy darem ook *The Economist* opslurp. En gereeld Wikipedia op die Internet raadpleeg om meer oor dinge te leer.

Deelnemers aan Temptation moet algemeenekennisvrae beantwoord en word



Baanbreker

in die vermaaklikheidsbedryf

deur Theo Kemp

Natalia da Rocha is een van daai mense wat vertrekke vul, dink ek toe ons in die Kunstekaap-foyer in Kaapstad ontmoet. Groots, charismaties, vurig en passievol, met 'n stem wat menige gehoor al tot ekstase gedryf het. Natalia is – op of af van die verhoog af – 'n ware "performer" met baie op die hart.

Soos ek geraai het, kom daar toe nie veel van my voorbereide vrae nie.

Natalia was nog nooit sku om te praat nie en die onderhoud raak vinnig 'n gesels oor uiteenlopende dinge. En dan kom ons uit by dit wat Natalia met verbetering dryf: gemeenskaps- en gehoorontwikkeling. Sy maak jong kunstenaars by die Kunstekaap touwys oor alles en nog wat van die vermaaklikheidsbedryf. "En dis nie bloot window dressing nie," waarsku sy vinnig met haar dinamiese donker oë, "daarvan het ons die afgelope twaalf jaar genoeg gehad."

Natalia soek nuwe talent, veral op die platteland waar mense baie min blootstelling aan die kunste het. Sy voel baie sterk dat om kunstante te bevorder baie meer gebied moet word as om mense net te leer hoe om op televisie of verhoog op te tree. "Entertainment is ook besigheid. Jy moet mense leer hoe om vir hulself te sorg. Jy moet vir jouself as kunstenaar 'n prys vasstel, jy moet 'n voorlegging kan opstel en in die bedryf moet jy weet hoe om vir jouself die hele tyd werk te skep."

Mense moet anders begin dink oor gemeenskapsontwikkeling as informele teater, redeneer Natalia. Dit is nie slegter kuns nie; intendeel, van jou beste talent vind jy tussen mense wat nog nooit 'n teater besoek het nie. Met die musiekgroep APPLAUZ! het Natalia 'n groep jongmense met sangtalent bymekaar gekry. Jongmense wat andersins nie die geleentheid sou hê nie, tree nou nie net oral in die land by al wat 'n fees is op nie, maar ook internasionaal. "APPLAUZ! was onlangs in China," vertel Natalia opgewonde, "en is intussen as 'n Artikel 21-maatskappy geregistreer." Teater is inderdaad besigheid, kom dit weer sterk deur.

Maar hoekom hierdie passie om terug te ploeg in die gemeenskap? Soveel so dat 'n mens wonder oor Natalia se eie loopbaan. "Ek weet nie! My man sal ook graag wil weet waar dié bleeding heart vandaan kom!," lag sy. Dan vertel sy hoe sy as kind in die Strand na 'n vertoning gaan kyk het en daar 'n denkskuif by haar plaasgevind het. "Ek wil dié mind shift in die kinders se koppe laat gebeur. Veral plattelandse kinders. Ons moet die trots teruggee aan die mense en dit het vir my nodig geraak om na my eie gemeenskap te kyk." Maar sukses val nie in mense se skoot nie, voeg sy dadelik by. Jongmense moet hard werk om suksesvol in die bedryf te wees.

Natalia kom al vyf en twintig jaar in die bedryf aan. 'n Lang pad, en nie sonder swaar tye en 'n paar wilde draaie nie. Dit het alles begin op skool, toe sy saam met haar musikale pa en broer in 'n band gespeel het. Sy het toe al gedroom om 'n

aktrise te wees, maar na skool het sy vir 'n ruk lank as sekretaresse in Cloetesville, Stellenbosch, gewerk. Eendag kom 'n goeie vriend, Hans Heese, vir Natalia sê dat die Universiteit Stellenbosch sy deure oopmaak vir bruin mense en dat sy van die geleentheid gebruik moet maak. "Dit was 1978. Ek is gekeur vir drama. Daar was maar agtien van 'ons' in 'n see van wit gesigte. Ek sal

nooit die dag vergeet toe ons die Neelsie instap en almal kyk na ons nie." Sy raak vir 'n oomblik stil. "Dit was moeilike tye. Eendag storm een van my klasmaats op my af en vra hoe dit voel om 'n kleurling te wees. Ek antwoord toe: 'Dieselfde as vir 'n blanke.' Na daai dag het ons beste vriende geword." Natalia kan moeilik die herinneringe stop en 'n mens kan nie die seer ook saam met die goeie terugflitse mis nie. "Ons moes permitte dra om te kon swot en die rektor het die anderskleuriges, soos ons genoem is, na sy kantoor ingeroep om ons gemaklik te laat voel. Ek wou nie deel wees van 'n sekere groep nie. Ek wou net my graad kry en so gou moontlik in die bedryf werk."

En dit is toe ook presies wat gebeur het. Natalia maak geskiedenis as die eerste bruin mens wat haar dramagraad aan die Universiteit Stellenbosch behaal. Vandag is daar nie 'n aspek van die vermaaklikheidsbedryf wat sy nog nie beleef het nie. Haar CV getuig van haar besondere veelsydigheid. Van teater, televisiereekse en sepies (soos Egoli en Backstage), tot kabaret, filmwerk, regie, radiowerk en stemwerk. Noem maar op.

Natalia verduidelik hoe anders dit in daardie dae was toe bruin mense net rolle kon kry as bediendes of baie klein rolle waar jy net "n bruin mens" moes speel. Tog was Jans Rautenbach se Broer Matie in 1984 vir haar 'n deurbraak. "Jans is wonderlik, want hy het my die geleentheid gegee om my rol groter te maak." Natalia het ook die temalied, Bly by my, van hierdie omstrede film (wat die rassekwessie in die land aangeroei het) gesing.

Die kabaret, Coffee and Cream, het die deur vir Natalia nóg verder oopgemaak. Daarna het sy wêreld baanbrekerswerk gedoen deur die eerste bruin kunstenaar te wees wat 'n hoofproduksie by Sun City kon hê, en dit in die vroeë tagtigs. "As mense dit nou moet doen, sal hulle soveel bekender wees. Maar daar was 'n plek vir ons wat die pad moes oopveg vir andere. Nou kan hulle die vrugte daarvan pluk."

"As ek bitter is, hoort ek nie in hierdie land nie. Baie mense in my gemeenskap dra net hulle woede vir die verlede oor aan hulle kinders. Wat help dit dan?"

Maak die geskiedenis haar bitter? "Nee," antwoord Natalia ferm, "daardie houvas van bitterheid sal niemand ooit op my kry nie. As ek bitter is, hoort ek nie in

hierdie land nie. Baie mense in my gemeenskap dra net hulle woede vir die verlede oor aan hulle kinders. Wat help dit dan?"

Natalia glo dit is nou tyd dat almal moet saamwerk en doen wat hulle kan om die transformasieproses aan te

help. "Waar is ons na twaalf jaar in die nuwe Suid-Afrika? Hoe getransformeerd is Stellenbosch se Drama-departement na al die jare? Hier sit ek nou al vir vyf jaar in die Kaap. Hoekom gebruik die Universiteit my nie om 'n wyer groep te bereik en ander idees na die Departement te bring nie? Hoekom is daar soveel woede oor die taal? Dit behoort nie die groot issue te wees nie." Taal is wel vir haar belangrik, maar sy voel dat 'n mens verder kom as jy dit praat en projekte aanpak waar mense oor taal- en kleurgrense kan saamwerk, eerder as om te baklei.

Natalia is getroud met Kurt Egelhoff, bekende produksieervarende, en het drie kinders wat ook almal 'n sterk klap van die kunste weg het. "Dit is soms moeilik met al die kreatiewes onder een dak," spot sy. "Ek sê altyd as een van ons net die yskas oopmaak perform almal, want die liggie het aangegaan!"

Wat sal sy vir jongmense, soos haar eie kinders, sê, wat graag in die kunste wil spesialiseer? "Nee, doen iets anders!" spot sy eers. "As dit werklik jou passie is, doen dit, maar jy moet kan geld maak daaruit." Dan praat sy oor die tekort aan kundiges in die kunstewêreld. "Ons is so uitgehonger vir sterre dat ons van almal Idols wil maak. Maar dit bring nie kundigheid nie. Dit maak dat die bedryf al hoe meer een van ego's word."

Die onderhoud is lankal verby, maar ons deel idees uit oor projekte wat nog aangepak moet word. Praat oor feeste en dinge wat eenvoudig meer as net 'n droom moet wees. Wat is die groot ding wat sy self nog wil doen? "Ek wil 'n produksie doen sonder enige begrotings-tekorte," kom die antwoord. "'n Groot produksie met 'n stel wat draai. Die glamour moet terugkom teater toe," dagdroom sy. Wil sy dan nie self daarin speel nie? "Kyk, om op 'n verhoog te stap, daai adrenalin wat deur jou gaan, sal altyd wonderlik bly, maar my fokus het verskuif." ■



'n Toneel uit Slaghuis, wenner van die Sanlamprys vir Afrikaanse Teater.

Ma, ek wil gaan

drama swot

deur Theo Kemp

Met die onlangse veertigjarige verjaarsdagviering van die HB Thom-teater, kyk 'n mens weer opnuut na teater en die studente wat deur die jare oor hierdie drumpel gestap het. Soos die benaming "BJ" aan die Lettere-gebou, kleef die stigma steeds dat BA-studente (waaronder die BDram-graad) nie werk kry nie. En vir Drama-studente is dit nog erger. "Wat gaan jy daarmee doen?" is een van die standaardvrae waarvoor elke Drama-student tot vervelens toe moet repeteer. En ja, 'n mens wonder wel: waar gaan almal werk kry? Die vermaaklikheidsbedryf is tog net só groot en die beskikbare rolle, en ook geld in die toneelwêreld, is beperk.

Oor die algemeen voel mense dat dit goed gaan met teater, en veral Afrikaanse teater, in ons land. Dit is egter onmoontlik om van teater te praat en nie feeste by

die gesprek in te bring nie. "Afrikaanse teater is nie minder of meer gesond as voorheen nie", sê dr Marie Kruger, voorsitter van die US se Drama-departement. "Feeste laat dit lyk of daar 'n oplewing in teater is. Maar is dit werklik so? Ek dink die bedryf het veel eerder 'n groot verandering ondergaan – van staatsgesubsidieerde teater onder die vaandel van streeksrade tot 'n entrepreneursbedryf waarin elkeen sy eie pot moet krap en vindingrykheid, kreatiwiteit en 'n sin vir estetiese waardes belangriker is as ooit tevore."

En alhoewel kunstenaars meer produksies moet skep om 'n bestaan te maak, wys Kruger daarop dat die stand van teater nie aan hoeveelheid gemeet word nie, maar aan die gehalte. Die probleem is egter dat grootse teater met 'n groot rolverdeling, goeie ontwerper en goeie regisseur sonder behoorlike

befondsing onhaalbaar is. Volgens Kruger is dit deur feeste se toedoen dat duur gehalteproduksies vandag wel moontlik is.

Gaerin Hauptfleisch, ook betrokke by die Drama-departement met 'n hele paar produksies as regisseur op sy kerfstok, stem saam dat kunstenaars dikwels genoodsaak word om te vermaak en om gehore te trek, bloot net om brood op die tafel te sit. So word gehalte bedreig.

Hauptfleisch is van mening dat alhoewel die algemene persepsie is dat teater 'n oplewing geniet as gevolg van die media-dinamika van feeste, dit eintlik Afrikaanse televisie is wat 'n groeitydperk beleef. Dit is wat meebring dat al hoe meer jongmense daarin begin belangstel om Drama te studeer.

Annalise du Buisson, ook van die Drama-departement, bevestig die groeiende belangstelling in Drama as 'n studierigting. Tans is 118 eerstejaars ingeskryf vir Teaterwetenskap, waarvan 61 'n suiwer Drama-graad studeer. In die tweede en derde jaar is daar onderskeidelik 70 en 79 studente. Inderdaad, Drama het só 'n gewilde keuse geword dat die besluit geneem is om voortaan slegs 60 studente te keur vir die eerste jaar van die BDram-graad, sê Du Buisson.

Vir baie akteurs beteken televisie en veral sepies nie net vinnige roem nie, maar ook 'n standvastige inkomste. Die US se Drama-departement het self al 'n paar sepiesterre opgelewer, waarvan Nina Swart as Wilmiën in 7de Laan seker een van die bekendstes is. Maar is sepies goed vir 'n jong akteur se loopbaan? "Sepies kan vir 'n akteur 'n doodloopstraat wees. As jy eers daar is, kan jy daar vasgevang raak. Almal ken jou as die sepiekarakter en dit beperk jou. Niemand anders wil eintlik aan jou vat nie, want hoe maak hulle van jou in die oog van die kykers iemand anders, selfs al sterf jou karakter?" is dr Kruger se mening. Sy voel sterk daarvoor dat akteurs eerder 'n kort verskyning in 'n sepie moet maak as om 'n deurlopende rol daarin te vertolk.

Niel Rademan, wat afgestudeer is aan die US se Drama-departement, reken dat sepies jong akteurs se toneelspel-ervaring inperk tot 'n "plat karaktertjie wat vir etlike maande of heel waarskynlik jare op daardie vlak volgehou moet word". 'n TV-reeks is anders, voel hy, en kan vir 'n akteur 'n fantastiese ervaring wees.

Hauptfleisch, wat die bemerking van die HB Thom-teater hanteer, kyk effens anders na die saak. Volgens hom is televisiewerk vir 'n akteur goeie bemerking vir sy of haar toneelstukke. Mense gaan

gewoon makliker toneelopvoerings toe as hulle die akteurs van televisie af ken. Dit maak hom egter krapperig as akteurs wat direk televisie toe is en geen grondige teaterkennis het nie, skielik in 'n verhoogstuk speel.

Op die vraag of jong Drama-studente wel eendag in die bedryf sal werk kry, antwoord Marie Kruger eerlik: "Natuurlik gaan almal nie werk kry nie, en dit maak Drama dieselfde as die meeste ander studierigtings. Jy gaan ook nie 'n permanente werk kry nie, hoogstens 'n kontrak wat vir jou 'n rukkie gaan besig hou. As jy in die bedryf wil werk, moet jy veel meer as net talent hê; ook dissipline, toewyding en moed (dikwels meer as wysheid!). Jy moet kan sweet en aanhou. Dis nie vir sissies nie!"

As werk in drama jou passie is, moet jy kreatief kan dink, ook in 'n sakesin. Die boodskap kom hard en duidelik van almal waarmee jy in die bedryf praat. "Daar is definitief baie werk daarbuite, maar jy moet 'n entrepreneur wees om enigiets te doen. Die dae van slegs opdaag om te perform is lankal verby," sê Hauptfleisch en voeg dan by: "Die BDram-graad bied jou dieselfde opsie as enige ander BA-graad, so jy kan net sowel iets studeer wat jy gaan geniet. Benewens die akademie is dit ook 'n graad wat jou selfvertroue, kreatiwiteit, innovasie en spraakvermoë bou."

Rademan is vandag 'n suksesvolle en besige kunstenaar en is nie spyt oor sy beroepskeuse nie. Van regie, sang, kunsteteater tot koördinerende, enige geleentheid in die bedryf gryp hy entoesiasies aan. "Om drama te studeer, gee jou ongelooflike insig in menseverhoudings en leer jou om onder groot druk in groepe saam te werk. Dit ontwikkel daarby jou kreatiewe en interpreterende denke, wat uitstekend is vir enige beroep."

Drama as studieveld bied ook 'n legio loopbaanmoontlikhede buite die teaterwêreld. "Van ons oudstudente is geslaagde joernaliste, nuuslesers, geleentheidsbestuurders (veral dié wat Tegnies in plaas van Spel studeer het – ons is die enigste universiteit wat die keuse bied) en puik onderwysers. Eintlik in enige werk wat kommunikasievaardigheid, kulturele aanvoeling en sensitiwiteit, en organisatoriese vaardighede verg, sou mens 'n afgestudeerde drama-student kon vind," sê Kruger, maar sy kan ook nie nalaat om die harde werk daarvan te beklemtoon nie: "Moenie dink dis blink liggies wat jy sien nie... dis die toekomstige sweet wat by voorbaat jou sig aantast!" skerts sy. 

Die US Drama-departement is by verskeie gemeenskapsprojekte betrokke:

Studenteprojekte:

- **Place of Safety-projek:** Hierdie terapie-projek word oor 'n tydperk van nege weke aangebied vir seuns wat verhoorafwagting is.
- **Jonkershoek Plaaskindersprojek:** Elke Donderdag word dié plaaskinders aan teaterspeletjies blootgestel, met die oog op 'n klein aanbieding aan die einde.
- **Bloemhof Hoër Meisieskool:** 'n Interaktiewe teateraanbieding oor eetsteurnisse.
- **Breughel:** Heelwat projekte word saam met die Breughel Teatergroep aangedurf.

Departementeel:

- **BUYA Schools Theatre Festival:** 'n Tiental laer- en hoërskole uit Khayelitsha en Wesbank neem deel aan werkwinkels by die HB Thom-teater. Verder besoek die Drama-departement hierdie skole om hulle stukke te help voorberei. Hierdie stukke word dan in die HB Thom-teater aangebied. Dié projek is so suksesvol dat dit in 2007 uitgebrei word.
- **Winterskool:** Veertig hoërskoolleerders wat Drama as skoolvak neem, besoek die Drama-departement vir vyf dae lank vir werksessies in teorie, toneelspel, bewegingsleer, spraak en selfs tegniese opleiding. Na afloop van hierdie sessie word 'n eie aanbieding op die planke gebring.
- **WOW-projek:** In samewerking met die Woordfees se WOW (Woorde Open Wêreld)-projek word werksessies in verskeie teateraspekte aan leerders uit voorheen benadeelde skole aangebied. Hierdie leerders bring uiteindelik hul eie stukke op die planke en die wenske kry pryse (ondersteun deur die ATKV) ter bevordering van drama by die skole.
- **Jaarlikse kinderproduksie:** Die Drama-departement se bydrae tot die bekendstelling van teater aan 'n toekomstige gehoor is om 'n kinderproduksie op die planke te bring. Vanjaar was dit Jan en die Boontjierank, afgerig deur Francois Toerien.

Blink toekoms

wag vir musiekstudente

deur Lou-Ann Stone

Die Konservatorium is reeds 'n eeu lank verantwoordelik vir die onderrig van klassieke musiek op Stellenbosch – 'n instansie wat die klassieke uitvoeringskuns oor die jare beskerm, bedien en bevorder het – selfs in die aangesig van doemprofete wat gesê het dat die klassieke tradisie soos 'n kulturele bedreigde spesie in Suid-Afrika sou uitsterf.

"As die doemprofete reg was, sou die Departement Musiek vandag nie meer bestaan het nie," sê prof Izak Grové, dosent in Musiekwetenskap aan die US. "Dit sou ook foutief wees om te aanvaar dat klassieke musiek se dae getel is. Onlangse statistiek oor CD-verkope in Londen het onomwonde aangetoon dat negatiewe voorspellings oor die toekoms van klassieke musiek verkeerd was."

Grové meen wel dat die Departement se toekomsvisie deeglik rekening hou met tendense in die wêreld, wat noodwendig aanpassings t.o.v. leerstof moet teweegbring. Maar sê Grové "n Werklik sinvolle onderrigprogram in bepaalde vermaaklikheidsrigtings soos bv Jazz - laat staan nog Rock - kan tans nie ernstig oorweeg word nie, hoofsaaklik a.g.v. die kostes daaraan verbonde. Ook moet die streeksamewerking met naburige instansies waar sommige alternatiewe reeds bestaan, in ag geneem word."

Ook is daar steeds 'n persepsie dat musiekstudente se voorland hoogstens dié van musiekonderwyser is. Prof Hans Roosenschoon, Voorster van die Departement Musiek en Direkteur van die Konservatorium, sê dit is onnodig om in sak en as te sit omdat die regering al hoe minder musiekonderwysers in skole

aanstel. "Ons vind dat al hoe meer skole se beheerliggame besef dat leerders tog toegang tot musiek nodig het en dan self musiekonderwysers aanstel. Musiekstudente se heil lê eerder in die vermoë om verder as net musiekonderwys te dink én om 'n definitiewe keuse vir entrepreneurskap te maak."

In hierdie opsig sit die Departement nie stil nie en is deurlopend besig om die Departement se omvang te vergroot. "Ons het reeds groot kundigheid opgebou in musiektegnologie – geen ander universiteit spesialiseer tot dieselfde mate as die US hierin nie. Musiektegnologie, waarin

ons al reeds M-studente het, is sterk inter-dissiplinêr met onder meer ingenieurswese- en wiskundedosente wat van die modules aanbied," sê Roosenschoon. Die Departement bied ook besigheidsbestuur as keusevak in die derde jaar BMus-graad aan.

Musiekentrepreneurs

Beperkte fondse, fasiliteite en werksgeleenthede is maar enkele van die aspekte wat menige jong afgestudeerde in die gesig staar, maar dit het terselfdertyd veroorsaak dat 'n nuwe generasie musiekentrepreneurs na vore tree. Mense wat weet hoe om holisties te kyk na die musiekbedryf en geleenthede met 'n fyn besigheidsin raaksien.

Een van die rigtings wat ingeslaan word, is om in meer as een styl op te tree. Dit is iets waarmee entrepreneurs en US-

alumni soos Zanne Stapelberg, Nataniël en Carina Bruwer, almal met suksesvolle loopbane as uitvoerende kunstenaars, buitengewoon goed vaar.

Verder het die diverse aard van Suid-Afrikaanse musiek 'n oplewing in die samesmelting (fusion) van style teweeg gebring. Nie net beweeg kunstenaars oor

genre-grense nie, maar deel klassieke én kontemporêre kunstenaars selfs verhoë. Dit is iets wat al hoe gewilder raak by Suid-Afrikaanse gehore wat hunker na 'n skouspel van verskillende soorte

musiek in een vertoning. Dit verseker ook dat klassieke musici steeds 'n waardevolle rol in die bedryf speel.

'n Musiekentrepreneur wat woeker met sy talent is Adriaan Fuchs, wat sy BMus in klavieruitvoering verwerf het en sy nagraadse studies in musiektegnologie voortgesit het. Vandag is hy die direkteur van die jaarlikse Internasionale Kamer-musiekfees wat by die Konservatorium aangebied word, asook bestuurder van die Sontonga Kwartet.

"Daar word dikwels vasgekyk in die tradisionele geleenthede wat musici kan betree, maar min mense is werklik bewus van die geleenthede in die breër bedryf. Daar is 'n reuze tekort aan formeel opgeleide musici met organiserings- en bemakingsvaardighede wat bv. konserte en feeste kan help reël. Ook is daar 'n groot aanvraag na mense met 'n musikale

"Klassiek is die basis van alles, dit word nie verniet so genoem nie. Studente is hier omdat hul harte hier is," – Benjamin van Eeden, klaviersdosent aan die US

Kamerkoor is 'n eerste vir Suid-Afrikaanse koormusiek

Die Universiteit het weer geskiedenis gemaak deur die eerste instansie in die land te wees om 'n akademiese kamerkoor te stig. Die Departement Musiek en Konservatorium het as deel van die hergestruktureerde akademiese programme in koor-dirigeerkuns 'n projek-kamerkoor gestig.

Behalwe optredes en moontlike toere,

sal die koor ook gebruik word in eksamens van gevorderde nagraadse studente in koorleiding. Die koor, die Schola Cantorum Stellenbosch, sal die eerste koor in Suid-Afrika wees om dié leemte te vul.

Rudolf de Beer, dosent in koordirigeerkuns aan die US, sal die artistieke direksie behartig. "Aangesien die Schola Cantorum dieselfde musikale ideale as die destydse Stellenbosch Camerata nastreef, is die stigter-dirigent van die Camerata, Acáma Fick, versoek om in 'n raadgevende hoedanigheid betrokke te wees by die projek. Soos hul Europese en Amerikaanse eweknieë, sal die koor ook soms gasdiri-

gente akkommodeer," sê me Helette van der Westhuizen, Skakelbeampte by die Departement Musiek. Die koor het reeds vanjaar aan twee uiters suksesvolle sessies met Kåre Hanken (Noorweë) en Rita Varonen (Finland) deelgeneem.

Studente en volwasse sangers met 'n bogemiddelde musikaliteit wat sang en bladles betref, word genooi om aansoek te doen vir oudisies. Afhangende van die aard van die musiek kan die koor verskillende sangers per projek huisves.

• Kontak mnr Rudolf de Beer by tel (021) 808 2384 of stuur e-pos na schola_cantorum@sun.ac.za.

agtergrond wat in die tegniese bedryf kan werk. Klankingenieurs en vervaardigers met die nodige musikale kennis en ervaring, is 'n enorme aanwinst vir die musiekbedryf," meen Fuchs.

Ander minder bekende moontlikhede sluit in musiekjoernalistiek (wat as keusevak by die Konservatorium aangebied word), radiowerk, komposisie vir televisie en flieks, toonsetting en verwerking van teks en musiek, musiekvervaardiging en -regie, besprekingsagente vir kunstenaars, musiekkooördinerings- en produksie-bestuur vir onder meer feeste.

Die internet en selfoon het 'n revolusie in die musiekbedryf teweeg gebring. Dit is nie meer musiekmaatskappye (wat tradisioneel CD's en DVD's bemark) wat die kitaar slaan nie, maar die telekommunikasiebedryf en diene wat hul elektroniese draaie op die internet ken – 'n wêreld waarin die mantra is "laai dit af" – hetsy dit die nuutste poplied of Mozart as 'n luitoon is.

Musici moet hierdie veranderende omstandighede in geleentheid omskep en besef dat dit dalk nie meer gaan oor of jy 'n CD kan uitbring nie, maar hoeveel aanhangers jou "song kan download".

Alles goed en wel sê musiekstudente met wie gepraat is, maar volgens hulle is 'n belangrike legkaartstuk wat nog ontbreek, 'n beroepsgeoriënteerde loopbanekantoor wat werwing vir studente wat afstudeer kan fasiliteer. Daarmee saam voel baie dat hulle van basisvlak af opleiding moet ontvang in besigheidsvaardighede en entrepreneurskap.

Ten spyte van geleentheid wat hul toenemend in die musiekbedryf openbaar, is 'n koor van kundiges dit eens dat 'n klassieke agtergrond steeds vir musici ononderhandelbaar is. Boonop bied dit ook 'n wye, dog deeglike, platform vanwaar hulle gemaklik na ander style kan beweeg en waaruit musiekentrepreneur-loopbane geloods kan word.

"Ja," sê Roosenschoon, "jongmense het 'n ander verwysingsraamwerk en die uitdaging vir ons is om te besin oor hoe om dit te akkommodeer, maar ons het 'n duidelike verantwoordelikheid om studente en toekomstige musiekentrepreneurs 'n klassieke onderbou te gee en hulle te skool in die tradisionele waardes van musiek. Een hiervan is doodeenvoudig om hard te oefen."

"Klassiek is die basis van alles, dit word nie verniet so genoem nie. Studente is hier omdat hul harte hier is," meen Benjamin van Eeden, klaviersdosent aan die US.

Gemeenskapsinteraksie

"Vir lank was daar 'n wanpersepsie dat die studie van klassieke musiek iets is wat net wittes doen," sê Roosenschoon. "Gevolglik het ons baie moeite gedoen om nie net hierdie wanpersepsie te verander nie, maar dit ook moontlik te maak vir persone uit voorheen-benadeelde gemeenskappe om eers die Sertifikaatprogram in Musiek te doen, daarna 'n oorbruggingsprogram en dan met 'n volwaardige BMus-graad te begin."

Die inleidende program in musiek aan die Konservatorium is sowat ses jaar gelede van stapel gestuur. Die program was hoofsaaklik vir beginners (dikwels volwassenes) met geen formele opleiding nie. Vandag berei hierdie program studente voor vir voorgraadse studies aan 'n universiteit. Me Felicia Lesch, koördineerder van die Sertifikaatprogram vir die afgelope twee jaar, is van mening dat daar in voorheen benadeelde gemeenskappe hope talent is, maar dat daar nie naastebly genoeg fasiliteite, opleiding of finansiële steun beskikbaar is om hierdie talent te ontwikkel nie.

Die sertifikaatprogram bied studente 'n geleentheid om formele opleiding aan

'n universiteit te ontvang in beide praktiese en teoretiese onderrig. Terselfdertyd bevorder dit die US se gemeenskapsinteraksie aangesien dit dikwels Konservatoriumstudente is wat die opleiding behartig.

Die program bied vir studente 'n deeglike basis, maar in meer as een styltype. Jazz geniet veral aandag, hoewel klassieke opleiding steeds die belangrikste fokus is. Dosente soos Shaun Johannes (Baskitaar/Kontrabas), Neil Engel (Trompet) en Ramon Alexander (Jazz-klavier en -teorie) is lede van 'n gevestigde jazz-ensemble wat vanjaar aan die Grahamstad Nasionale Kunstefees deelgeneem het. Die sertifikaatprogram word in vennootskap met die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, die Kaapstad Jeugorkes en SACYMMBA ('n kadetorkes-organisasie) aangebied – 'n aanduiding van die uitgebreide netwerk van hierdie visie.

"Jongmense is besig om die grense te skuif en die nuwe generasie gaan van krag tot krag. Ons is hier om hul die nodige musiekleesvaardighede te leer sodat hul hulself as waardige Suid-Afrikaanse musikante in die bedryf kan vestig: Toekomstige musici met selfvertroue en geloof in die basis van hul onderrig," sê Lesch.

"Interessant genoeg is dit juis studente uit die voorheen benadeelde gemeenskap en diene met geen musiekagtergrond nie wat 'n groot behoefte het aan skoling in die soort waardes wat vergestalt word in die klassieke tradisie," volgens Grové. "Al sou dit net neerkom op notasiekennis, oftewel bladles. Om dus die populêre musiek as 'alternatief' vir die klassieke tradisie te sien, is naïef, want alle populêre musiekpraktyke kan reëlreg herlei word tot gewoonlik heelwat ouer klassieke tradisies – wat op sigself veel sê t.o.v. die gewaande 'kontemporêre' aard van die meeste populêre musiek." ■

'n Oud-Matie wat verlede jaar haar BMus Honneursgraad met lof verwerf het, is vanjaar een van die ontvangers van die DAAD studiebeurs vir verdere studie in Duitsland vir 2007. **Irene Mennen** het haar BMus-graad in 2004 ook met lof geslaag. Sy het beide haar grade met blokfluit as hoofinstrument gedoen en spesialiseer tans ook hierin by die Staatliche Hochschule für Musik in Frankfurt, Duitsland onder die vermaarde hoogleraar Prof Dr Michael Schneider. Die DAAD beurs staan vir die Deutscher Akademischer Austauschdienst beurs. Die beurs word deur die Duitse staat aan Duitse sowel as buitelandse studente uitgereik om navorsing in Duitsland (in die geval van buitelanders) vir die tydperk van 'n jaar te doen.



Maria du Toit, hoofklarinetspeler van die Kaapse Filharmoniese Orkes, Oudmatie en deeltidse dosent aan die US Konservatorium, het vroeër vanjaar in Boekarest, Roemenië die kategorie vir klarinet van die internasionale kompetisie Jeunesses Musicales gewen. Sy het met 40 ander musici van oor die hele wêreld meegeding.



Mezzo-sopraan **Minette Du Toit-Pearce** is op 'n gala-aand in die Endlersaal op Stellenbosch aangewys as wenner van die landwyse ATKV Muziq-kompetisie vir jong volwassenes. Naas die eerste prys van R25 000 en die Muzik-trofee as wenner het sy ook R4 500 ontvang as 'n kategoriewenner (sang) én 'n bonusprys van R2 500 vir die beste vertolking van 'n Mozart-werk. Sy is 'n deeltidse sangdosent aan die US-Konservatorium waar sy sedert haar laat-hoërskooljare reeds sangonderrig ontvang van Magdalena Oosthuizen. Verlede jaar was sy ook die wenner van die Unisa DJ Roode Oorsese Musiekstudiebeurs vir Onderwysers – met prysgeld van R70 000 waarmee sy beoog om aanstaande jaar meestersklasse in Europa by te woon. Sy wil ook vanaf 2007 haar meestersgraadstudie in sang onder Oosthuizen se leiding aan die US-Konservatorium voortsit.

Michelle Breedt (sien ook Matieland 2006:1), een van die top mezzo-soprane in Europa, is vir drie jaar aangestel as Buitengewone Professor in die



Departement Musiek. Na afloop van haar studies aan die US waar sy sang onder Nellie du Toit studeer het, is Breedt na Duitsland, waar sy onder meer met die vermaarde sangeres, Brigitte Fassbaender, saamgewerk het.

Met 'n wye repertoire wat strek van Mozart tot Wagner het Breedt vinnig naam gemaak as sangeres van formaat en in hoofrolle saam met wêreldberoemde sangers soos Plácido Domingo en Thomas Hampson opgetree.

In Julie vanjaar het sy die rol van Fricka in 'n nuwe produksie van die Ring-siklus van Richard Wagner in Bayreuth vertolk terwyl toekomstige optredes in die luisterryke operahuise van La Scala en Covent Garden in die vooruitsig is.

Ter ere van haar uitstaande optredes by die Weense Staatsopera is Breedt met die Eberhard Waechter-medalje bekroon. Sy het ook die German Critic's Award ontvang vir haar CD-opnames van operas deur Korngold en Dvorák.

In Maart vanjaar is die AlumUSica-beursfonds geloods: Professor Breedt het die inisiatief geneem om haar optrede gratis aan te bied vir 'n konsert in die Endlersaal. Die opbrengs van hierdie konsert is in die AlumUSica-beursfonds gestort. Te danke aan haar welwillendheid het die fonds by aanvang reeds 'n goeie hupstoot gekry en kan die Departement Musiek uitsien na die samewerking en wisselwerking wat met die aanstelling van Michelle Breedt as Buitengewone Professor gepaardgaan.

Parnassus-toekenning gemaak



Vlnr is prof Izak Grové, dosent in Musiek-wetenskap, prof Hennie Kotzé, Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, dr Paul Loeb van Zuilenburg en me Acáma Fick.

Die Departement Musiek en Konservatorium het onlangs op luisterryke wyse hulde gebring aan twee van Suid-Afrika se grootse klassieke musiek-geeste, me **Acáma Fick**

en **dr Paul Loeb van Zuilenburg**, met die oorhandiging van die Parnassus-toekenning. Die Parnassus-toekenning vereer die uitsonderlike bydrae van musici tot die ontwikkeling van kunsmusiek in Suid-Afrika. **Acáma Fick** word algemeen beskou as die doyen van koorsang in Suid-Afrika. Nadat sy die Hoër Meisieskool Bloemhof-koor in 1968 begin het, het sy op eie inisiatief twee koorgroepe in die lewe geroep: die Konservatorium Dameskoor, en die latere Stellenbosch Camerata - dit alles te midde van 'n bedrywige loopbaan as dosent by die Konservatorium tussen 1976 en 2004. Sy was vanaf 1985 – 1992 dirigent van die Universiteitskoor. Sy is steeds aktief as beoordelaar en medewerker by

koorslypskole en doen vryskut-navorsing. **Dr Paul Loeb van Zuilenburg** was tussen 1970 en 1991 aan die Konservatorium verbonde as dosent vir Gehooropleiding. Sy beteken as musikus strek egter wyer as die kampus, en sluit ook noemenswaardige bydraes in tot die ontwikkeling van kunsmusiek in Suid-Afrika as 'n vermaarde blokfluitspesialis, komponis, eksaminator en blaasorkesentoesiast. In 1976 stig hy die Koperblaasorkes – 'n suksesverhaal wat tot vandag toe, na dertig jaar, steeds 'n belangrike skakel met die plaaslike musieksamelewing vorm. Hy het inderdaad 'n groot aandeel gehad in die vestiging van 'n blaasorkes-tradisie in Suid-Afrika.

Sertifikaatstudent wen groot reisbeurs

Op 5-jarige ouderdom het hy vir die eerste keer met sy ouer sussie se kitaar begin speel en vandag is **Brent Krus** die gelukkige wenner van die gesogte FMR & Pick 'n Pay Reisbeurs ter waarde van R20 000.

Brent het in Atlantis grootgeword en het reeds vroeg almal verstom met sy natuurlike aanvoeling vir ritme. Hy het geen formele musiekopleiding ontvang nie en het sy liefde vir musiek in die orkes in sy kerk uitgeleef.

Hy het toevallig by 'n vriend van die Universiteit se Sertifikaatprogram in Musiek gehoor en toe hy in Januarie 2005 by die Konservatorium se deure instap, kon hy nie een noot lees nie. Boonop moes hy daagliks van Atlantis per taxi na Stellenbosch pendel – dus 2 lang ure op die pad.

Dit was juis tydens een van hierdie ritte na Stellenbosch wat hy eendag, geïnspireer deur die mooi natuurskoon, 'n melodie in sy kop gehoor het en *Way to Stellenbosch* gekomposeer het. Hierdie komposisie was een van die werke


waarmee Brent onlangs die kompetisie in die Baxter gewen het.

Hy beskou musiek as een van die grootste seëninge in sy lewe. Oor sy leermeester van die afgelope twee jaar, Graham Pringle (dosent in kitaar by die Konservatorium), sê hy: "Ons is baie na aan mekaar; hy speel 'n baie groot rol in my lewe. Dit is vir my 'n eer om by hom les te hê."

Dit was dan ook met Graham se aanmoediging dat Brent in Julie vanjaar ingeskryf het vir die Grahamstown Jazz Festival, waar hy deurgedring het na die finale rondte en tweede geëindig het.

Graham het Brent nie met rus gelaat nie en hom aangemoedig om ook aan die FMR & Pick 'n Pay Reisbeurs-kompetisie deel te neem. Gewapen met 'n baie goeie opname wat deur die Konservatorium se Klankateljee gemaak is, het hy ingeskryf sonder om te veel te verwag.

Tot sy eie verbasing is sy naam aangekondig as die wenner in die jazz-kategorie. Die beurs behels dat hy in 2007 op 'n reis gestuur word na 'n internasionale



meesterklas, kompetisie of fees van sy keuse.

Sy toekomsplanne? Hy wil eers verder fokus op sy studies in die Sertifikaatprogram. Hy doen beide klassieke en jazz kitaar, en voel "ek wil my hart laat verder ryk word aan musiek. Felicia Lesch, koördineerder van die Sertifikaatprogram, is iemand wat glo in haar studente. Sy is 'n wonderlike mens en het my die kans gegee om my droom uit te leef. Ek wil die US Konservatorium op die map sit – ek wil hê mense moet van ons weet en van ons praat."

TIDR (CT) 1999

Rammetjie uitnek



Ons ouboe *Getaway* is onlangs deur onafhanklike navorsing as een van die mees bekende tydskrifte in die land aangewys – die enigste buitelug-/reistydskrif wat die lys gehaal het. En omdat *Wegbreek* dieselfde kant van die storie in volkleur Afrikaans vertel, voel ons dat ons met reg ook bek kan rek. So, as die lang pad, oop vlaktes en ver plekke roep, kry *Wegbreek*.

Vir meer inligting, skakel 0860 100 205, e-pos smart@rsp.co.za, besoek www.magaathome.co.za of sms "Wegbreek" na 34007. SMS kos R2.



Lees en laat waai.



Vir akademiese uitruiling is die Universiteit daar.

Vir kulturele uitruiling is Caledon Villa daar!

Kom tuis by Bolandse gasvryheid - rustig naby die kampus,
die historiese middedorp en die Eersterivier



Acetalingstraat 7 Stellenbosch 7600 Tel/Faks: 27 (0)21 883 8912
info@caledonvilla.co.za www.caledonvilla.co.za

Stellenbosch women scientists achieve research success



Dr Cara Schwarz, Dr Monique Zaahl, with the Minister of Science and Technology, Mr Mosibudi Mangena, Ms Annie Chimphango, Ms Surette Oosthuizen and Dr Belinda Reyers (also a recipient and previously with the University).

Four women scientists at Stellenbosch University (SU) scooped nearly half of the awards at the Department of Science and Technology's (DST) annual Women in Science Awards ceremony in Johannesburg in August – the most by a single university.

The recipients of the prestigious awards were Dr Monique Zaahl of the Department of Genetics (Best Emerging Young Women Scientist), Dr Cara Schwarz of the Department of Process Engineering (L'Oreal Fellowship for Women in Science – Material Sciences), Ms Annie Chimphango of the Department of Process Engineering (Woman Scientist Fellowship: Postgraduate fellowship for women scientists from African countries to study at centres of excellence in South Africa) and Ms Surette Oosthuizen of the Department of Statistics and Actuarial Science (Women Scientist Fellowship: Postgraduate fellowship for women scientists working/studying in an area where participation by women is traditionally low).

The DST created the awards in recognition of the role that South African women play in the world of science. Candidates competed against each other for nine awards in the five categories.

According to the DST, the role that women play in the development and sharing of knowledge that contributes to the improvement of the economic status and

quality of life for others has been limited. In addition, the contribution of outstanding women in scientific research has not been fully recognised. This lack of recognition has resulted in unequal access by women to the research professions.

The further lack of prominent women scientists as role models has hampered both the public understanding of science, engineering and technology and the participation of women at all levels of science.

According to Prof Petra Engelbrecht, Senior Director: Research at SU, the awards give recognition to the research excellence that exists at the University and is indicative of the special role women play in research at the University, currently and in future.

Mr Mosibudi Mangena, the Minister of Science and Technology, congratulated the University by name. In his speech he said that South African women's involvement in science, engineering and technology is greatest at the undergraduate level, but is weakest at the critical research level where academic knowledge is converted into products and services. "Women make up more than 52% of our population, yet less

than 35,5% of our total scientific research population are women. Of the country's 18 500 researchers, only 6 500 are women."

Mangena also said that these women are the role models for future generations. "It is time that we put the women of our past into the stories of the present and our hopes for the future," he said.

Zaahl investigates genes involved in iron homeostasis/metabolism in hereditary haemochromatosis, oesophageal cancer and multiple sclerosis in South African patients.

Schwarz's research focuses on high pressure phase equilibria and separations and has culminated in the building of a pilot plant that produces wax-like alcohol ethoxylate in viable quantities. This has huge implications for many industries, from printing and paper to food, since the many potential applications for waxes are limited by their insolubility.

Chimphango's research deals with process optimisation for the production of speciality enzymes from recombinant strains of *Aspergillus niger* and the application of these enzymes to improve wood pulp and paper quality. This research is highly relevant to the South African and international paper and pulp industries.

Oosthuizen's thesis is entitled Variable selection for kernel methods and focuses on classification by means of kernel methods. This classification method can be utilised to solve important problems in the real world, such as identifying corruption in the financial sector.

The women are not the first to excel in this competition. In the past Stellenbosch women such as Dr Christine Steenkamp of the Department of Physics won the 2003 category for Women Scientist Fellowship in an area where participation by women is traditionally low, and in 2005 Dr Karin Jacobs of the Department of Microbiology won the Best Emerging Young Women Scientist category. 

Matie ingenieurs wen

Matie-ingenieurs het sowel die eerste as die tweede plek by die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) se jaarlikse Nasionale Innovasie-kompetisie verower. Dr Wernich de Villiers, 'n na-doktorale student in ingenieurswese het die eerste prys van R300 000 losgeslaan vir sy draagbare meetinstrument vir die instandhouding van die Line Trap – 'n onderdeel van die gespesialiseerde kommunikasiestelsel op oorhoofse hoogspanningslyne, terwyl Gerrit Smith die tweede prys (R200 000) gekry het vir 'n dompelbare waterpomp wat met sonkrag werk. Die weners moet die geld gebruik om hulle patente wêreldwyd te bemark.

De Villiers was ook die Maties se interne wenner toe hy R50 000 gewen het. In albei gevalle gaan 25% van die prysgeld aan die betrokke akademiese departemente.

Oor sy prestasie het De Villiers gesê dat die krediet eintlik behoort aan die ondersteuningstrukture by die US wat van hoogstaande gehalte is. "Behalwe vir die ondersteuning wat ek van onder meer InnovUS, die Universiteit se afdeling wat innovasie ondersteun, gekry het, behoort baie van die eer aan my studieleier en mede-uitvinder, prof Johannes Cloete van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese."

Hy sê hy glo dat die innovasie wat met die Line Trap Tester gepaard gegaan het 'n groot verskil sal maak in die manier waarop die Line Trap in stand gehou word – nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd. "Die metode is nie net veiliger nie, maar het ook tot gevolg dat die belangrike substelsel meer gereeld getoets kan word sonder om elektrisiteitsvoorsiening te onderbreek," sê De Villiers.

Vir Smith se bedryfsplan vir die ontwikkeling van die dompelbare waterpomp het hy insette van 'n Oudmatie, Johannes Strauss, ontvang. Smith is tans die besturende direkteur van Brink Biodiesel, 'n firma wat biodieselaanlegte vir die kommersiële mark ontwikkel.

Een van die toepassings van die pomp is vir landelike gebiede waar dit as 'n alternatief vir windpompe gebruik kan word. Die pomp word deur 'n lineêre motor gedryf en het geen roterende dele en geen wrywing soos in die geval van tradisionele motors nie. Die feit dat die pomp met sonkrag kan werk, maak dit ook besonder geskik vir Suid-Afrikaanse omstandighede. ■

Die metode is nie net veiliger nie, maar het ook tot gevolg dat die belangrike substelsel meer gereeld getoets kan word sonder om elektrisiteitsvoorsiening te onderbreek.



• Kontak Wernich de Villiers per e-pos by wdevilrs@sun.ac.za en Gerrit Smith by tel 082 660 4747 of per e-pos by gerrit@brinkbiodiesel.co.za vir meer inligting

Dr Wernich de Villiers (middell), wenner van die DWT se jaarlikse Nasionale Innovasie-kompetisie, het R300 000 ontvang om sy patent, die Line Trap Tester, internasionaal te bemark. By hom is dr Eugene Lottering, Uitvoerende Direkteur van die Innovasiefonds, en mnr Mosibudi Mangena, die Minister van Wetenskap en Tegnologie.

Dr Edwin Hertzog, Voorsitter van die Raad van die Universiteit Stellenbosch, het in September die sooispit-seremonie vir die oprigting van 'n nuwe navorsing-sentrum ter waarde van etlike miljoene rande waargeneem.



Van links is mnr Hein Visser van Van Biljon en Visser Argitekte; prof Julian Smith, Viserektor; Bedryf; prof Bernard Lategan, Direkteur van Stias; dr Edwin Hertzog, Voorsitter van die Raad; prof Walter Claassen, Viserektor; Navorsing; me Lauretta Maree, Uitvoerende Burgemeester van Stellenbosch; prof Chris Brink, Rektor en mnr Willie van Rooyen, die boukontraakteur (FCS Konstruksie).

Sooispitseremonie

vir nuwe Navorsing- en Konferensiesentrum gehou

Die Navorsing- en Konferensiesentrum (NKS) word gebou op Mostertsdrift wat ook die tuiste is van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (Stias). Die NKS sal die kern van die Instituut se navorsings-aktiwiteite wees.

Werkruimte vir navorsingsgenote in aparte studiekamers, oop areas vir interaksie en 'n veeldoelige konferensiefasiliteit vir 150 mense, tesame met wegbreeksfasiliteite, sal deel uitmaak van die Sentrum.

Volgens prof Bernard Lategan, Direkteur van Stias, verskaf die NKS die afsondering wat vir intensiewe en kreatiewe denke benodig word, maar "stimuleer terselfdertyd kreatiewe inter-

aksie deur die deel van idees, die aanmoediging van gesprek en die soeke na nuwe oplossings. Dit verskaf 'n geleentheid vir die verbeeldingryke 'ontmoeting van geeste' in die breedste sin en snoer diverse ondervindings, perspektiewe en oortuigings saam."

Stias is die enigste multidissiplinêre instituut vir gevorderde navorsing in Afrika en is in 2000 deur die Universiteit gevestig. Dit het in 'n betreklik kort tydperk baie suksesvolle navorsingsprogramme van stapel gestuur wat vir die land, die kontinent en die wêreld van spesifieke belang is. Die vernaamste uitdaging is om die intellektuele leierskap wat Afrika desperaat benodig, te koester en te behou. Ten einde die verlies van die beste

denkers en belowendste jong leiers teë te werk, verskaf die Instituut 'n geleentheid vir hoëvlak-navorsing en intellektuele ontwikkeling in 'n internasionale konteks. Tans lok Stias van die wêreld se voorste geleerdes en ontvang dit toenemend internasionale erkenning.

Befondsing vir die NKS is deur die Marianne en Marcus Wallenberg-stigting van Swede verskaf.

Die NKS is deur Van Biljon & Visser Argitekte ontwerp en sal na verwagting teen September 2007 voltooi wees. 

• Kontak prof Bernard Lategan by tel 021 808 2185 of per e-pos by bcl@sun.ac.za vir meer inligting.



SACEMA is housed in the old wine cellar at Mostertsdrift.

The pressing need for South Africa to develop world-class capacity in the quantitative understanding of the emergence and spread of major diseases, and how best to combat them,

University launches new Centre of Excellence to combat disease

has been highlighted starkly by the HIV/Aids pandemic and the associated explosion of TB. This need is further underlined by the continuing threat of vector-borne diseases, principally malaria, throughout Africa.

The University's efforts in answering this call have been recognised through the establishment at Stellenbosch University of the DST/NRF Centre of Excellence in Epidemiological Modelling and Analysis (SACEMA).

SACEMA, the first national research institution of its kind in Africa, is a national organisation dedicated to the modelling of disease transmission and progression, focussing on South Africa's major health challenges. SACEMA provides research

facilities and a stimulating environment in which scientists can interact productively, transcend disciplinary or institutional boundaries and engage innovatively and imaginatively with fundamental issues in epidemiology.

This exciting research project combines mathematics, statistics, biology and medical research and was launched at the University by 25 South African and international scientists. Funding for the project was obtained from the Department of Science and Technology (DST).

SACEMA is one of only seven national DST/NRF Centres of Excellence, two of which are hosted in Stellenbosch and one jointly between Stellenbosch and the University of the Witwatersrand. 

Totsiens, prof Park

Die Fakulteit Opvoedkunde neem binnekort afskeid van sy dekaan, prof Tommy Park, wat diep spore getrap het in nie net die groei en ontwikkeling van die Fakulteit nie, maar ook in die Universiteit in sy breë sedert hy in Januarie 1998 voltydse dekaan geword het.

Na voltooiing van sy skoolloopbaan in die Noord-Kaap het hy die BSc-graad en SOD aan US verwerf, waarna hy 'n ruk in die onderwys was.

Hy het op 1 Julie 1979 in diens van die Universiteit getree as lektor in die Departement Didaktiek (tans die Departement

Kurrikulumstudie), waarna hy in 1982 tot senior lektor en in Julie 1985 tot professor in hierdie departement bevorder is. Hy is 'n vorige ontvanger van die Rektor se Toekenning vir Voortreflike Onderrig.

Op universiteitsvlak het prof Park oor baie jare 'n sterk rol t.o.v. gehalteversekering aan die US gespeel, onder meer as lid van verskeie komitees. Hy was ook voorsitter van die US se Hertoelatingskomitee en sameroeper van 'n US Sakeplanprojek wat ondersoek ingestel het na die verhoging van deurvloeiakoerse aan die US.

Prof Park het ook 'n baie sterk leiersrol gespeel in die strategiese posisionering van die Fakulteit ten opsigte van afstandsonderwys en onder sy leiding het die Kampus 2-inisiatief - nagraadse programme wat deur middel van telematiese uitsendings afgelewer word - 'n stewige beslag gekry.

Op nasionale gebied het hy waardevolle bydraes tot die ontwikkeling van 'n nuwe onderwysbeleid gelewer. Hy was in 1995 lid van die Nasionale Komitee vir die Hersiening van die Organisasie, Beheer en Befondsing (die Hunter-Kommissie), asook lid van die destydse Minister van Onderwys se ministeriële onderhandelingspan met die oog op die formulering van die Suid-Afrikaanse Skolewet in die laat 1990's. Verder was hy ook lid van die Komitee vir die Hersiening van die Norme en Standaarde vir Onderwysersopleiding, 'n beleid wat vandag die basis van alle onderwysersopleiding in die land vorm.

Sy puik bestuurs- en leierskapvermoë, asook sy skerp humorsin, sal gemis word. 



Tuis by die Fakulteit Teologie: Prof Johannes du Plessis, die afgesette hoogleraar van die destydse Teologiese Seminarium op Stellenbosch, se standbeeld staan nou uiteindelik op die terrein van die Fakulteit Teologie. Van diegene wat die onthullingsgeleentheid bygewoon het, is mnr Pierre du Plessis, 'n kleinkind van prof Du Plessis. (Foto: Anton Jordaan, SSFD)

Prof Johannes du Plessis weer terug by Kweekskool

Die standbeeld van die afgesette hoogleraar van die destydse Teologiese Seminarium op Stellenbosch, prof Johannes du Plessis, is vroeër vanjaar op die terrein van die Fakulteit Teologie onthul nadat dit in 'n gebaar van versoening hierheen verskuif is.

Die standbeeld – vir lank onder studente bekend as “Pienk Piet” – wat deur die groep Vriende van Du Plessis ná sy dood in 1935 opgerig is, is al 'n paar keer die afgelope 70 jaar verskuif. Nou, na 35 jaar se geswoeg, is die standbeeld en die muur, wat die Du Plessis-familieleuse “God verdedig die reg” dra, herenig.

Prof Du Plessis se skoondogter, me Elise du Plessis, wat met prof Du Plessis se seun Jan getroud is, en die egpaar se seun, Pierre, het die verrigtinge bygewoon. Mnr Du Plessis het hulde aan sy oupa gebring deur familiestories oor prof Du Plessis met die gehoor te deel.

Dr Frits Gaum, oudredakteur van die Kerkbode, het gesê dat die Kerk deur middel van die verskuiwing van die beeld erkenning gee aan die bydrae wat prof Du Plessis tot die teologie gemaak het en om verskoning vra vir die gruwelike manier waarop die Kerk hom hanteer het.

“Mag ons deur hierdie voorbeeld die les leer om ander kerkmense en dié wat van ons verskil nie as ketter en dwaalleraar te brandmerk en by ringe aan te kla nie, dat ons leer dat reg nie deur onreg gedien kan word nie en dat die Kerk ook om verskoning kan vra,” het dr Gaum gesê.

Prof Du Plessis het destyds 'n regsaksie teen die NG Kerk van Suid-Afrika gebring nadat hy deur die Kaapse Kerk afgedank is weens bewerings dat hy leerdwaling sou gepleeg het. Dit het gevolg nadat die Kuratorium van die Seminarium van Stellenbosch by die Ring van Stellenbosch gekla het dat prof Du Plessis se teologiese standpunte nie in ooreenstemming met dié van die NG Kerk sou wees nie. Prof Du Plessis het daarop klem gelê dat die Bybel eerstens in sy verskillende historiese ontstaanskontekste bestudeer moet word. Sy standpunte het nie ondersteuning in die destydse Kerk gehad nie en hy is in 1932 afgedank.

“Die Fakulteit Teologie en NG Kerk Kuratorium het hul heelhartige steun aan hierdie verskuiwing toegesê. Die standbeeld, waarvan die laaste staanplek by die Sasol Kunsmuseum op Stellenbosch was, is nou tesame met die muur wat oorspronklik daarmee saam opgerig is, verskuif. Met hierdie gebaar wil die Fakulteit en NG Kerk Kuratorium erkenning gee aan die breedte en diepte van prof Du Plessis se teologiese bydraes – bydraes wat dikwels weens die omstredeheid van die destydse hofsaak versluier geraak het,” het dr Louis Jonker, dosent in die Departement Ou en Nuwe Testament, tydens 'n vorige geleentheid gesê.

Die onthulling het gepaard gegaan met 'n aantal lesings waarin die bydraes van prof Du Plessis belig is, asook met 'n uitstalling van sy werke en besittings. 

Dr Annalien Dalton
with the right food
to help children
become more
astute – a paste
made from the
heads of stockfish
on bread.



Fish heads are good for children

Research has proven that the consumption of stockfish heads has helped children improve their short-term memory, their ability to spell, as well as reduce classroom absenteeism because of a boost to their immune systems.

Dr Annalien Dalton of the Unit for Dietary Illnesses at the Medical Research Council developed a stockfish head fish paste, to be enjoyed on bread, as part of her doctoral thesis. She received her PhD in Food Science from the Faculty of AgriSciences at the April graduation.

Strict microbiological testing was conducted during the production of the paste to ensure it was safe for human consumption. Sensory tests showed that it was flavourful and that the children enjoyed it.

In a controlled study this paste on bread was given to Grade 1 and 2 learners in a Northern Cape town over a period of 104 school days. Blood samples were taken from the children before and after the study and standardised tests to determine their short-term memory, spelling, reading, recognitory skills and discriminatory ability were recorded.

The tests among the experimental group of learners revealed an improvement in their cognitive skills and they had a lower rate of absenteeism as a result of an improvement in their immune systems. An increase in the omega-3 long-chain polyunsaturated fatty acid levels was also noted among the target group.

According to Dr Dalton it is vital to have both omega-3 and omega-6 fatty acids, but in the right proportions, in the human body. Ideally there should be one omega-3 fatty acid to approximately four omega-6 fatty acids.

Unhealthy Western eating habits, as well as malnutrition in poor rural areas, result in an imbalance in the two classes of fatty acid, which leads to malfunction in certain biological processes in the body.

She stated that processed foods and the excessive use of cooking oils such as those derived from sunflowers were the major perpetrators in the Western diet that led to this imbalance. Research in the United States of America showed that the imbalance was as high as 1:40.

"It is terrible to think that such a rich source of amongst other omega-3 is being wasted. A fish meal made from the heads of the fish can be successfully used to enhance existing school feeding programmes. It can also be of invaluable help to HIV patients who specifically experience problems with their immune systems," said Dalton.

This fish meal can be used in various products, such as in a sauce on maize meal, bread or rice.

Dalton said the government and possibly the Department of Education should seriously investigate the use of fish heads as a cheap food source, which can also be a rich supply of protein, calcium and the long-chain polyunsaturated omega-3 fatty acids EPA and DHA. 

US se melkkudde onder die room


Die Universiteit se melkkudde tel onder die room van die Wes-Kaapse suiwelbedryf. Die US het onlangs 'n silwertoekenning van die Wes-Kaapse Meestersuivelboervereniging gekry vir sy melkkudde, wat vir navorsing en die opleiding van veekunde-studente gebruik word.

Volgens mnr Hendrik de Waal van die meestersuivelboervereniging het slegs ses van die 260 boere wat aan die Melkaan-tekeningskema in die Wes-Kaap deelneem, vanjaar silwermedaljes ontvang.

Volgens hom is die doel van die kompetisie om erkenning aan topboere te gee vir hul bydrae tot die suiwelbedryf. "Nie alleen dra hierdie boere by tot melkproduksie nie, maar ook tot die verbetering van genetiese materiaal," verduidelik hy.


Die kompetisie is op 'n wetenskaplike basis geformuleer en verskillende formules is vir die verskillende rasse uitgewerk. Formules neem die getal laktasies wat in die toetsjaar voltooi is, die gemiddelde melkproduksie, bottervetpersentasie, proteïenpersentasie asook die kalfinterval in ag. Daar word vir elke kudde, volgens ras, 'n randwaarde-indeks bereken.

Volgens mnr Ivan Stevens, bestuurder van die Fakulteit



Ivan Stevens, bestuurder van die Fakulteit AgriWetenskappe se Welgevallen proefplaas.

AgriWetenskappe se Welgevallen proefplaas, het hulle in 1973 met die verbetering van hul eie kudde begin. Die kudde bestaan tans uit 55 Frieskoeie in melk, waarvan die top 14 koeie gemiddeld 51 liter melk per dag lewer. 



Riaan Wassung, trotste wynmaker van die Welgevallen Opleidings- en Navorsingskelder aan die Universiteit Stellenbosch.

(Foto: SSFD)

Universiteit se kelder oes mooi op Jongwynskou

Vir enige wynmaker is 'n medalje die kroon op sy laatnag swoeg en sweet gedurende parstyd. Vir Riaan Wassung, wynmaker by die Welgevallen Opleidings- en Navorsingskelder, smaak hierdie sukses nóg soeter omdat hy weet dat die ses medaljes en klaswenner wat hulle pas by die Nasionale Jongwynskou verower het, beteken dat die kelder op standaard met die res van die bedryf is.

"Mense is dikwels onder die wanindruk dat ons net rondspeel met eksperimentele wyne omdat ons 'n opleidings- en navorsingskelder is, maar ons prestasie het bewys dat Welgevallen goeie wyne kan maak as ons die regte druiwe het," vertel Wassung met trots.

Vanjaar was Wassung, 'n oudstudent van die Departement Wingerd- en Wynkunde in die Fakulteit AgriWetenskappe, se derde parsseisoen by Welgevallen. Hy en sy kelderspan, wat onder meer finalejaar-wynkunde-studente insluit, maak op kontrakbasis wyn op kommersiële skaal in opdrag van hoofsaaklik drie groot kliënte, wat die druiwe voorsien.

Die wyne wat medaljes gekry het, is Journey's End Merlot (goud), Cranefield Farming Trust Cabernet Sauvignon (silwer), en Journey's End Cabernet Sauvignon, Journey's End Shiraz, Journey's End Chardonnay en Welgevallen Petit Verdot (almal brons).

Wassung is veral in sy skik met die merlot, wat ook 'n klaswenner was, en die petit verdot, wat uitsluitlik vir die opleiding van voorgraadse studente berei is. 

Universiteit hervat fynbosprogram

Goeie nuus vir die Suid-Afrikaanse fynbosbedryf is dat die US se fynbosnavorsings- en opleidingsprogram, wat in 2000 afgeskaal is, hervat is.

'n Dosent in fynbos is onlangs in die Departement Hortologie aangestel om weer 'n snyblommodule voorgaads te vestig en ook 'n sterk navorsingsprogram te bestuur wat gemik is op die versterking van die fynbosuitvoerbedryf as belangrike landbouvertakking.

Navorsing aan die Departement Hortologie het oor die afgelope 30 jaar kundigheid onder leiding van prof Gerard Jacobs opgebou ten opsigte van onder meer die na-oeshantering van fynbos, die ontwikkeling van snoeiskedules vir hoër

Me Lynn Hoffman, wat aangestel is om die Universiteit Stellenbosch se fynbosnavorsingsprogram weer op dreef te kry. (Foto: SSFD)



opbrengste en meer bemerkbare stele in proteas.

Me Lynn Hoffman, wat navorsing doen oor die verskuiwing van die blomtyd van sekere proteakultivars, is aangestel as lektor met die doel om die US se fynbosprogram uit te bou.

Haar navorsing word allerweë as 'n deurbraak beskou vir Suid-Afrikaanse uitvoerders wat in die Europese blommark wil meeding. Sy het daarin geslaag om een van ons mooiste proteakultivars, Carnival, se natuurlike blomtyd, wat van Februarie tot Mei is, na tussen November en Januarie te verskuif, wanneer die beste pryse op die Europese mark behaal kan word. 



Dr Sonja Matthee besig met 'n ondersoek van uitwendige parasiete op die streepmuis. (Foto: SSFD)

Parasiete is noodsaaklik vir balans in die ekosisteem

Parasiete het 'n negatiewe konnotasie vir die meeste mense. Hierdie siening is egter ongegrond, aangesien baie min parasietespesies siektes dra, sê dr Sonja Matthee, parasietkundige in die Departement Bewaringsekologie en Entomologie. Volgens haar het nuwe navorsing aan die lig gebring dat parasiete belangrike

drywers in ekosisteme is aangesien hulle vir balans in die ekosisteem sorg.

"Oorbevolking in wildkampe en op plase kan daartoe lei dat diere se spanningsvlakke verhoog en hulle immuniteit gevolglik verlaag. Dit kan 'n versteuring in die natuurlike parasiet-gasheer-verhouding veroorsaak, wat tot verhoogde sterftes lei. Die sterftes is egter inherent vanweë 'n wanbalans in die ekologie en nie omdat die siekte deur parasiete gedra is nie.

Die ekologiese rol van parasietdiversiteit is relatief onbekend, en dit is veral dié aspek waarop dr Matthee haar navorsing fokus. Sy maak deel uit van 'n span navorsers in Suid-Afrika, Duitsland, Frankryk en Amerika wat druk besig is om antwoorde vir die vele onsekerhede rakende parasiete te probeer kry.

Dr Matthee het reeds intensiewe navorsing oor volhoubare parasietbeheer in die resiesperd bedryf gedoen.

"Perdeboere in die Wes-Kaap alleen spandeer meer as R2 miljoen per jaar aan parasietbeheer. Daar is aanduidings dat parasietprobleme deur huidige klimaatsveranderinge vererger gaan word," waarsku dr Matthee. 

Conference in Africa a dream come true for Prof Koch



Prof Klaus Koch with the Executive Mayor of Cape Town, Ms Helen Zille, and the Minister of Science and Technology, Mr Mosibudi Mangena.

A dream of nearly two decades has come true for chemistry professor Klaus Koch, when the 37th International Conference on Coordination Chemistry (ICCC) was held in Cape Town in August under his chairmanship.

Also serving on the steering committee were Stellenbosch University's Marlene Milani, Prof Len Barbour and Dr Robert Lackay.

It has been 20 years since I first attended the 24th ICCC in Athens, when I was inspired with the idea to one day see an ICCC in South Africa.

The week-long conference was the biggest ever meeting of coordination chemists to be held in Africa, and saw 650 delegates from 60 countries discussing metals in biology, medicines, materials, nanostructures, devices, solutions, as well as coordination complexes in precious metals and photochemistry. Coordination chemists study the transition metal complex which forms when a metal is taken into a solution, such as water.

The plenary speakers included the 2005 Nobel Prize winner for Chemistry, Prof Robert Grubbs.

The 37th ICCC was the first event of its kind to be held in Africa since the inception of this series of meetings in the United Kingdom in 1950. Over the past five decades, the series of conferences has developed into one of the larger and longest continuously running international meetings of inorganic chemistry worldwide.

"It has been 20 years since I first attended the 24th ICCC in Athens, when I was inspired with the idea to one day see an ICCC in South Africa," Prof Koch explains.

"In 1988 at Porto, at the traditional working dinner of the Executive Planning Committee in which future venues were discussed, I asked why not South Africa?" he remembers. "I vividly recall Professor Stanley Kirschner (executive permanent secretary) asking me how old I was!"

The South African bid to host the 37th ICCC met with considerable competition from five other bidding countries, but was

selected unanimously in Florence in 1998. Since then, Prof Koch and his steering committee, which includes researchers from Stellenbosch, Cape Town, Johannesburg, Free State and the Western Cape, have been hard at work to ensure that everything goes according to plan.

"Although it is held on a smaller scale, for science in South Africa it is as major an event as the 2010 Soccer World Cup," Prof Koch explains.

He says that South Africa's richly endowed mineral wealth and the extraction of metals such as gold and platinum from ore rely fundamentally on coordination chemistry.

"The extraction of gold and the platinum metals would be inconceivable without an understanding of the specific coordination chemistry of these metals. The same goes for the numerous catalytic processes used by the unique coal-to-liquid fuel process perfected by Sasol in South Africa." m

Pine expert receives Swiss prize

The research initiative of ecologist Prof Dave Richardson, deputy director of the DST-NRF Centre of Excellence for Invasion Biology (CIB), received an early Christmas present when he was awarded the distinguished Hans Sigrist Prize in Bern, Switzerland, on 1 December.

The prize, valued at more than R560 000, is awarded for excellent work in a sector of science determined annually by the Council of the Hans Sigrist Foundation.

It honours his pioneering work over the last two decades on especially the impact that pines and other invasive trees have had on the biodiversity of Cape flora.

Prof Richardson, who is also professor in Ecology in the Department of Botany and Zoology, is the first recipient of this international prize to hail from Africa. In fact, he is the first prize winner not to hail from Europe or North America.

According to Prof Richardson, the award, and especially its acknowledgement of invasion biology as a field of study, reflects the growing world focus being placed on the influence of invasive species on natural biodiversity. m

Prof Dave Richardson (Foto: SSFD)





Proff Douglas Rawlings,
Albert van Jaarsveld en
Andrew Crouch



SA
Akademie
vereer
flinke
wiskundige

'n Eertydse Flinkdink-wenner en verkiesingsanalisis, prof Dirk Laurie van die Departement Wiskundige Wetenskappe, is vanjaar in die uitgelese geselskap van media-man Ton Vosloo en die voormalige dirigent van die US Koor, Acama Fick, deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer.

Hy het die Havengaprys vir Wiskundige, Chemiese of Fisiese Wetenskappe ontvang uit erkenning vir sy fundamentele bydraes tot die berekeningswiskunde op internasionale gebied, sy bydraes tot die popularisering en uitbouing van wiskunde in Suid-Afrika, asook sy bydrae tot die versameling van Afrikaanse wetenskapsliteratuur.

Benewens as akademikus het hy ook bekendheid verwerf as analis van die nasionale verkiesingsuitslae en vir deelname aan die gewilde program Flinkdink.

Hy het 'n wiskundige woordverwerkingspakket, LATEX, ontwerp, met 'n subpakket, PMX, wat gebruikers toelaat om bladmusiek te set.

Hy lewer 'n konstante stroom publikasies op akademiese gebied asook aktuele rubrieke. 

Natuurwetenskappe groet Dekaan

Die Fakulteit Natuurwetenskappe neem in Desember afskeid van sy dinamiese dekaan, prof Albert van Jaarsveld, wat in die ewe dinamiese pos as vise-president van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) aangestel is.

Dié B-geëvalueerde wetenskaplike sal eers sy navorsingwerk oor bewaringsbeplanning en -bestuur op die lange baan moet skuif terwyl hy voorkeur gee aan sy nuwe betrekking, wat fokus op die bestuur van die NNS se toekenningstelsel vir navorsingsbefondsing.

Voordat prof Van Jaarsveld in 2002 as dekaan aangestel is, was hy die direkteur van die Sentrum vir Omgewingstudies aan die Universiteit van Pretoria.

Hy het 'n leidende rol gespeel in die onlangse herstruktureringproses van die Universiteit, waar veral groot klem gelê is op die daarstelling van 'n koste-effektiewe benadering tot die inbestuur van die US se Visie 2012. Die proses het onder meer tot die ontwikkeling van die US se strategiese bestuursaanwyserstelsel gelei.

Prof Van Jaarsveld is onder meer die ontvanger van 'n Rektorstoekenning vir Voortreflike Navorsing en die Suid-Afrikaanse Dierkundige Vereniging se Goue Medalje vir sy vernieuende bydrae tot navorsing en opleiding oor die subkontinent se biodiversiteit en die bewaring daarvan.

Hy is ook 'n dryfkrag agter die daarstelling van die Suid-Afrikaanse Netwerk vir Omgewingswaarneming (SAEON) wat langtermyn-omgewingsmonitering en -navorsing ondersteun, asook die Suider-Afrikaanse Millennium Ekosisteemprojek.

Prof Douglas Rawlings van die Departement Mikrobiologie sal in sy plek as dekaan waarneem tot die nuwe aanstelling onder die nuwe rektor finaliseer is.

Intussen het die Fakulteit ook twee nuwe deeltydse mededekaansposte ingestel, wat veral op die studieprogramaanbod van die verskillende fokusgebiede sal fokus. Prof Andrew Crouch van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap sit reeds die stoel vol as Mededekaan: Wiskundige en Fisiese Wetenskappe, terwyl prof Lise Korsten (Universiteit van Pretoria) teen Julie 2007 die posisie van Mededekaan: Biologiese Wetenskappe en Uitvoerende Hoof: Skool vir Biologiese Wetenskappe sal beklee. 



Kirsten Mahood of the CIB helps Paul Wilton, Charl Schoeman and Greg van Schalkwyk of Cape Academy to explore their new microscope and computer.

Equipment for schools involved with ant project

Ten Western Cape schools involved in the limbovane: Exploring South African Biodiversity and Change outreach project received a microscope and a computer thanks to a generous grant from a British grants programme, the Darwin Initiative, and a partnership between the University of Sheffield and the DST-NRF Centre of Excellence for Invasion Biology (CIB) at Stellenbosch University.

limbovane (meaning 'ants' in isiXhosa) is an environmental education programme that uses the study of ants to inspire Grade 10 science learners about biodiversity and factors that threaten it. 

• See www.sun.ac.za/limbovane for more information.

natuurwetenskappe

USB beats

top USA business schools

A team of three black, final-year MBA students of the University of Stellenbosch Business School (USB), Pambili Booi, Kagisho Mahura and Fortune Ngwenya, came first in the National Black MBA Association (NBMBA) Case Competition in the USA, held in September.

The winning trio from the USB receiving their prizes are (from left), Pambili Booi, Fortune Ngwenya (far right) and Kagisho Mahura – with (second from right) Frank Fountain, vice-president of DaimlerChrysler.



The competition forms part of the NBMBA Convention – one of the largest and most influential events on the USA business calendar, where companies from across the globe come to attract talent.

The competition, sponsored by DaimlerChrysler, forms an integral part of the organisation's objective to expose talented minorities to business leaders across the world.

Twenty-nine leading business schools from the USA participated in the competition to find the best solution for a real business problem in DaimlerChrysler.

As part of the case study, Booi, Mahura and Ngwenya had to work out and present solutions for, what DaimlerChrysler called, a minority supplier which had become uncompetitive and found itself in financial distress owing to, *inter alia*, competition from Chinese suppliers with very low labour costs.

"We had to come up with a procurement strategy for this minority supplier and help them to help themselves. All three of us in the USB team are very argumentative and we pushed each other very hard – always focusing on the work at hand," says Mahura.

All the teams had to tackle the same problem and present their findings to a panel of judges in several rounds. Tension

mounted as the USB team was announced as one of the six finalist teams on the evening before the final presentations and award ceremony.

"At the awards ceremony, they first announced the team that came third. I then thought, okay, we did not make it and started to relax. But when they announced that we were the winning team, it took a few seconds for us to realise what was going on. I'm very proud of the USB. Clearly, they are teaching us relevant information. And people like Prof Eon Smit, Prof Wim Gevers and Dr Babita Mathur-Helm really supported us," said Ngwenya who works for Absa Private Bank in Johannesburg.

He continued: "Our victory shows that we can apply our MBA skills in any industry. The same business principles apply everywhere. You need strategy, you need analytical skills, and you need logical and lateral thinking to come up with solutions."

"We often undermine ourselves and think we cannot compete against first world countries. The fact that we won shows that the competencies we have acquired at the USB can be applied to any business problem anywhere in the world," said Mahura.

As winners of the competition, each member of the USB team received a prize of \$5 000 (about R38 600). The winning

trio has also been invited to the DaimlerChrysler head office in Detroit to meet the top management of the company.

Booi, the operations manager for Capitec Bank in the Eastern Cape, says in their presentation they had to combine everything they had learned during their MBA studies at the USB.

"We had to present our solution to a judging panel that comprised an independent judge and several vice-presidents from DaimlerChrysler and IBM. The presentations were formal, with very practical business problems that had to be addressed. We were grilled for 10 minutes by these big thinkers. In the final round we had to make our presentation in front of a live audience who included recruitment specialists from a host of global companies," says Booi.

The Stellenbosch team was accompanied by Dr Johan Smith, senior lecturer at the USB.

Smith commented: "The winners of the case competition are front-page news in the USA. Our team was inundated with interviews by the media and, more importantly, head-hunters. The competition was a true test of the students' MBA skills and in my opinion the USB team had a distinct advantage, as they had a focused approach to integrating business objectives with social responsibility. The fact that some other teams used world-renowned business consultants to arrive at their suggested solutions further highlights our team's achievement," says Smith.

Commenting on the victory, Prof Eon Smit, director of the USB said: "The outcome of the competition once more confirms that the USB's policy of internationalisation is bearing fruit and that USB students can compete with the very best in the world." ■

Talking economics with the big guns for 60 years

With 60 years' experience in the field of economic research, analysis and forecasting, the Bureau for Economic Research (BER) has developed into one of the forerunners amongst economic institutions. So if it is information regarding South Africa's economic future that you are seeking, the BER, based at Stellenbosch University, should be your first stop. Lynne Rippenaar went to speak to the BER to find out what 2007 has in store.



This is how we do it. Prof Ben Smit, Director of the BER (second from right) and Ms Jenny Terwin, Marketing and Communications Manager (middle) with 2007 interns Nomvuyo Guma, Philadelphia Oliphant and Sizwe Nxedlana.

The BER consults to a number of major corporations and government departments. "What makes the BER unique is the fact that we are independent. For this reason companies use the BER to conduct economic research for them. We are also the leading research institute in South Africa in the field of business tendency surveys," says Ms Jenny Terwin, Media Relations Officer at the BER. "Furthermore, we are also involved in the forecasting of macroeconomic indicators such as inflation and interest rates. Over the years we have also undertaken numerous ad hoc research projects for both the private and the public sectors."

The BER was established in 1944 by Prof CGW Schumann, Dean of the Faculty of Economic and Management Sciences at Stellenbosch University, and was funded by the University up until 1995. Over the years the BER has built a solid reputation both nationally and internationally as an independent and authoritative economic research institution. When the Bureau first opened its doors, its main focus areas were the production of business surveys and the analysis of business cycles.

Today the BER's core business involves the production of the quarterly indices and economic surveys. These include indices such as the Consumer Confidence Index, the Business Confidence Index, the Building

Cost Index, the Purchasing Managers Index, the Financial Services Index, and surveys such as the Retail Survey, Manufacturing Survey, Building and Construction Survey, Inflation Expectations Survey, Purchasing Managers Survey and the Financial Services Survey.

The BER is not only involved in research, forecasting and analysis, but has started addressing the dire need for black economists in South Africa by implementing an internship programme in conjunction with Afrifocus Securities and Kagiso Trust Investments in 2005. Applications were invited from previously disadvantaged post-graduate Honours students right across South Africa. Three interns were chosen and spent a year working as trainee economists for the BER. According to Terwin, the three interns have been involved in research, analysis and forecasting from day one.

"Here they are thrown in the deep end and are given practical hands-on experience," says Terwin. "We certainly feel that the internship is addressing the shortage of black economists in the country."

According to Prof Ben Smit, Director of the BER, the South African macroeconomic outlook for 2007 is looking good despite indications that inflation will continue to climb over the next six months, pushing up interest rates further and curbing domestic expenditure as South African consumers adjust to price increases of consumer goods.

"South Africa's macroeconomic outlook remains quite positive despite more onerous financial conditions currently experienced. The real economy is holding up well and although domestic expenditure is expected to respond to the higher interest rate environment, export growth – responding to the weaker currency – should take up some of the slack, providing for a welcome rotation in sectoral growth," says Prof Smit. ■

• Contact the BER at 021 887 2810 or visit www.ber.sun.ac.za for more information.

What can we expect in 2007?

- Inflation is expected to increase further over the next six months.
- This will lead to an increase in interest rates. According to Prof Ben Smit from the BER, it is expected that the interest rate will increase by at least two more 50 basis points in the first quarter of 2007.
- As interest rates increase, domestic expenditure, including private consumption expenditure and private fixed investment are expected to slow down.
- The volatility in the Rand/Dollar exchange rate is expected to continue, with expectations that the Rand will depreciate to R8,10 to the Dollar by the fourth quarter of 2007.

Gesondheids- wetenskappe en Medi-Clinic hernieu ooreenkoms

'n Samewerkingsooreenkoms wat die US se Fakulteit Gesondheidswetenskappe (FGW) twee jaar gelede met die Medi-Clinic Korporasie gesluit het om die Fakulteit se



Dr Edwin Hertzog, Voorsitter van die Medi-Clinic Korporasie, en prof Wynand van der Merwe, Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, onderteken die hernieude samewerkingsooreenkoms.

opleidingsplatform te versterk en die "toevoer van voortreflike mediese personeel te verseker" is onlangs hernieu.

Ingevolge hierdie ooreenkoms onderneem Medi-Clinic om weer vir 'n tydperk van twee jaar 'n jaarlikse bedrag van meer as R1 miljoen vir akademiese onderrig en navorsing aan die US – en hoofsaaklik die FGW – beskikbaar te stel.

Hierdie ondersteuning het reeds

bykans onontbeerlike bydraes gemaak tot dissiplines soos Neurochirurgie, Verloskunde en Ginekologie, Hematologie, Fisioterapie asook Ukwanda, die FGW se landelike opleidingsplatform.

Dit het die befondsing van sowel 'n aantal kliniese assistente as genootskappe behels, asook subsidies vir navorsingsgedrewe meestersgraadstudies van vier studente in Fisioterapie.

Benewens die voortsetting van huidige projekte, dra Medi-Clinic, ingevolge die nuwe ooreenkoms, ook saadkapitaal by om 'n nuwe multidissiplinêre Eenheid vir Infeksiesiektes op die Tygerberg-kampus op die been te bring. Die kernstrategie van hierdie eenheid is om op opleiding, navorsing en dienslewering op die gebied van infeksiesiektes te fokus.



CAT for a better future

As a contribution towards countrywide efforts to increase maths and science skills in South Africa, the Stellenbosch University (SU) Faculty of Health Sciences recently donated Computer Applied Technology (CAT) laboratories to three Western Cape schools.

The Faculty contributed a hundred computers – previously used in the computer facility on the Tygerberg Campus – while the official equipment supplier to SU, First Technology, refurbished the computers and provided man hours to install them. As a third partner, Khanya – the computer project of the Department of Education – supported the process and supplied infrastructure and software.

The three secondary schools that benefited from the donation are the Phakama, Sinethemba and Stellenzicht schools.

At the launch of the project, Western Cape Minister of Education, Mr Cameron Dugmore, lauded the Faculty for its initiatives to encourage computer literacy among learners, and stressed the importance of partnerships between tertiary education and schools. He pointed out that the labs would be utilised for Computer Applied Technology, a new subject to the Western Cape's school curriculum.


At the same time, the Dean of the Faculty, Prof Wynand van der Merwe, said that the University, as a responsible corporate citizen, has committed itself to community interaction on various levels. Its main objective with the CAT initiative was to contribute to countrywide efforts to encourage more learners to apply themselves to subjects such as technology, maths and science. 



PHOTO TOP: Western Cape Minister of Education, Mr Cameron Dugmore (left), with the Dean of the Faculty of Health Sciences, Prof Wynand van der Merwe, at the launch of the computer project.

PHOTO BOTTOM: A learner utilising one of the computers donated by the SU Faculty of Health Sciences.

Radiologieleerstoel vir Gesondheidswetenskappe



Radiologiese opleiding van internasionale gehalte het 'n belangrike hupstoot aan die US gekry toe die privaat sektor onlangs 'n nuwe leerstoel in Radiologie aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe gevestig het, en die vooraanstaande private radioloog, prof Jan Lotz, gesekondeer het om dié pos te vul.

Stralingskundigheid word by Tygerberg uitgebrei

Tygerberg-hospitaal, tesame met 'n aantal kliniese dissiplines in die US Fakulteit Gesondheidswetenskappe (FGW), is nie net uniek ingerig om stralingsnoodgevalle te hanteer nie; hierdie kundigheid word nou ook, in samewerking met plaaslike en internasionale instansies, uitgebrei om 'n sentrum van uitnemendheid vir die mediese hantering van stralingsnoodgevalle in Suider-Afrika by die Tygerberg-kompleks te skep.

Tygerberg-hospitaal (TBH) is trouens 'n sentrale verwysingshospitaal van die Departement Gesondheid in die Wes-Kaap en beskik oor 'n Radionukliead-advieskomitee en 'n Stralingsongevallefasiliteit (TBOF) – 'n unieke teaterkompleks wat saam met Eskom bedryf word. Hierdie fasiliteit is in die vroeë 1980's ingerig as voorwaarde vir die uitreiking van 'n lisensie aan die Koeberg Kernkragsentrale en is toegerus om werknemers van Koeberg wat in 'n ongeluk beseer en radioaktief gekontamineer word, te hanteer.

Die afgelope maande het die Fakulteit, in samewerking met die hospitaal, iThemba Labs, die nasionale Departement Gesondheid, Eskom en ander belanghebbendes in die Wes-Kaap aansienlike vordering gemaak om 'n Suider-Afrikasentrum van uitnemendheid vir die mediese hantering van stralingsnoodgevalle tot stand te bring.


Hierdie sentrum sal opleiding en advies ten opsigte van stralingsongelukke aan al die lande van die subkontinent verskaf, in samewerking met die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) en die Internasionale Atoomenergie-agentskap (IAEA), sê prof Barney de Villiers van Gemeenskaps-gesondheid in die FGW.

De Villiers sê daar het oor die jare 'n aantal stralingsongelukke in Suid-Afrika plaasgevind, meestal as gevolg van blootstellings aan radioaktiewe bronne en foutiewe radiologiese toerusting. Die hantering van mense wat op hierdie wyse blootgestel word, vereis hooggespesialiseerde mediese, stralingsfisika- en stralingsbiologiese vaardighede. Die ernstige tekort aan sulke vaardighede – veral in 'n tydsgreep waarin radioaktiewe bestraling as gevolg van

terreurbedrywighede 'n groeiende moontlikheid is – het mediese wetenskaplikes van die Fakulteit en TBH genoop om die probleem deur middel van 'n inter-institusionele benadering onder die loop te neem.

Met die aanmoediging van lede van die WGO se Stralings- en Omgewings-gesondheidsprogram en die samewerking van plaaslike instansies soos Eskom, iThemba Labs en die Direktoraat Stralingsbeheer van die nasionale Departement Gesondheid, is die Radiation Emergency Medical Advisory Centre of Southern Africa (REMACSA), onder voorsitterskap van dr Wilhelm Groenewald van Mediese Fisika in die FGW en by Tygerberg-hospitaal, gevolglik tot stand gebring. Omdat so 'n hooggespesialiseerde aktiwiteit nie in afsondering bedryf kan word nie, het die lede van REMACSA uit die staanspoor besluit om met die WGO en die IAEA saam te werk. Die WGO bestuur 'n internasionale netwerk vir stralingsnoodgevalle wat

Die hantering van mense wat op hierdie wyse blootgestel word, vereis hooggespesialiseerde mediese, stralingsfisika- en stralingsbiologiese vaardighede.



Prof Barney de Villiers (links) en dr Wilhelm Groenewald van die FGW by 'n vergadering van REMPAN in Kiev.

bekend staan as die Radiation Emergency Medical Preparedness and Assistance Network (REMPAN), wat tot stand gekom het deur konvensies waarvan Suid-Afrika ook 'n ondertekenaar is.

In April vanjaar het De Villiers en Groenewald 'n voorlegging by 'n vergadering van REMPAN in Kiev gemaak waarin die kapasiteit en doelwitte van REMACSA uiteengesit is. Op grond van die voorlegging het dié sentrum erkenning as 'n skakelinstituut van REMPAN in Suider-Afrika gekry.

Die volgende doelwit is om REMACSA te ontwikkel tot 'n samewerkingsentrum van REMPAN vir al die lande van die subkontinent. De Villiers sê REMACSA sal alle kundiges uit die verskillende gebiede van die Suid-Afrikaanse samelewing – byvoorbeeld ook kundiges in die weermag – identifiseer en op 'n beskikbaarheidslus plaas wat waar en wanneer nodig geaktiveer sal word. ■

Lotz het in 1986 die eerste magnetieseresonans- (MR-)eenheid in die privaat sektor by die City Park-hospitaal in Kaapstad gevestig, en sedertdien het hy 'n leidende rol in die groei van MR-beelding in die private gesondheidsomgewing in Suid-Afrika gespeel. Hy sê dié dissipline het 'n bykans onmisbare diagnostiese hulpmiddel in private gesondheidsorg geword, daarom is die opleiding van kundiges vandag van kritiese belang. "Studente moet op internasionale standaard wees wanneer hulle die praktyk betree."

Hy sê die finansiële en ander krisisse wat akademiese geneeskunde oor die afgelope dekades gekniehalter het, het kommer oor die standaard van radiologiese opleiding in die land laat ontstaan. Dit het bygedra tot die besluit van radioloë uit die privaat sektor om die nuwe leerstoel aan die US se Fakulteit Gesondheidswetenskappe te vestig.

Dit is Lotz se taak om studente, veral op nagraadse vlak, op te lei en hul te laat deelneem aan navorsingsprojekte. ■

"Studente moet op internasionale standaard wees wanneer hulle die praktyk betree."

'Versweë stemme' nou klokhelder

deur Heloïse Davis



aan dié stof sal jul geken word so kennelik naby, in gister se lig hoor ons jul roepstemme soos tortelduiwe van toe

Die woorde van mnr Hilton Biscombe bring hulde aan 'n eens dinamiese, kleurvolle en bowenal hegte gemeenskap wat sentraal deel van Stellenbosch was, maar wat deur die wrede noodlot van die politiek van die tyd verskeur is en wie se stemme byna versweë was ...

Dié swanger stilte oor die mense van Die Vlakte – 'n deel van Stellenbosch waar die meeste bruin mense gewoon het en waar baie gesinne trotse besitters van eiendom was voordat hulle noodgedwonge moes skuif as gevolg van die Groeps-

gebiede Wet – is verbreek met die verskyning van 'n besondere publikasie, *In ons Bloed*.

In ons Bloed volg 'n unieke, interaktiewe benadering tot geskiedskrywing waarin die lief en leed en wel en weë spontaan en eerlik deur die destydse inwoners self weergegee word. Onderhoude is met oud-inwoners gevoer en die leser beleef eerstehands die vrolike en sorgvrye dae van die eertydse meelewende inwoners van Merrimanlaan, Banhoekweg, Van Ryneveld-, Andringa- Bird-, Muller-, Van der Byl- en Smutsstraat, maar ook die frustrasies en opstandigheid onder die apartheidsbeleid.

Die leser word intens betrek by die grootskeepse ontworteling wat uitsetting meegebring het, maar ook hoe hulle weer hul koppe onder moeilike omstandighede gelig het om weer met trots hulle plekke

in die Stellenbosch-gemeenskap in te neem.

In ons Bloed is die produk van 'n gesamentlike geskiedskrywingprojek tussen 'n werkgroep uit die gemeenskap (mnr John Abels, Moegammad Kara, Maxwell Dhelminie, Linde Dietrich, Hilton Biscombe and Aaron Cupido) en die Universiteit wat reeds in 2000 begin het.

Die Departement Geskiedenis was van meet af logisties en akademies nou betrokke by die projek. Prof Albert Grundlingh, voorsitter van die departement, sê in die proses is daar by hernuwing baie geleer oor die sensitiwiteite rondom die verlede. Hy sê die Departement Geskiedenis was bevoorreg om deel van die projek te kon wees. **m**

• *In ons Bloed*, saamgestel deur Hilton Biscombe, is by SunMedia teen R150 beskikbaar. Kontak Marlene Joubert by tel (021) 808 2401 of per e-pos by africansunmedia@sun.ac.za

Só gesels die inwoners:

Basil Bergstedt, 1941: Man, dit was baie 'peaceful' daar. Ons hele 'neighbourhood' het met mekaar oor die weg gekom. Ons was soos een groot familie.

Dennis Williams, 1930's: Almal was bly en jolig as dit Kersfees was. Oukersaand was die winkels in die dorp tot laat in die aand oop. Daar was vir die vale kos, klere en speelgoed vir die kleinspan, met ponde en pennies gekoop.

John Moses, 1928: Ons het sommer 'posh' danse in die stadsaal gehou. Die vrouens was altyd geklee in 'evening frocks' en mans met 'bow ties and black pants'.

Die Sportgroep, verskeie datums: Krieket, sokker, rugby, tafeltennis, gholf, netbal, tennis, hokkie – noem maar op – is op Die Vlakte tot 'n mindere of meerdere mate gespeel.

Aaron Cupido, 1917: Man, die poskantoor het twee bedieningstoonbanke gehad met een dik koperpaal in die middel wat gedien het as skeiding tussen blankes en die sogenaamde kleurlinge. Op hierdie spesifieke dag was daar een lang ry aan die gekleurde kant. Dit was meestal bodes van groot besighede. Aan die anderkant was net een blanke persoon. Die blanke kant het vier klerke

gehad en die ander kant net een. Jy kan jou verbeel hoe 'n ongemaklike affêre dit was. Ek, wat ook in die ry gestaan het, was ontstoke; ek kon die paal uitruk van frustrasie, veral omdat ek net een posseël wou koop.

Mnr Jacques Cornellison: Destyds het die Universiteit my geweldig aangetrek. Ek wou daar studeer, want al die groot sportmanne was daar. Dit was vir my baie aantreklik, maar nie beskore nie omdat ek 'n bruinman was. Ek het toe maar my eerste graad by Wes-Kaapland gaan doen. Ek is baie trots op hierdie graad, maar die vraag was mos maar hoekom ek dit daar moes doen as die Universiteit op my voordeur was.

Beatie Lawrence, 1924: Ek weet nie wat die witman besiel het om ons skole en kerke te sluit nie.

B Langeveldt, 1948: Baie van die huise is vir 'n appel en 'n ei verkoop en baie mense moes nou daai geld gebruik om nuwe huise in Idasvallei of Cloetessville te bou. Jou 'life savings' en jou planne vir die toekoms was daarmee heen.

S Pool, 1950: Dit was in 1971 wat ek vir die eerste keer trane uit my pa se oë sien loop het. Dit was die tyd toe ons die meubels uit ons huis moes dra om op na Idasvallei te kom.



Studente-akkommodasie op Stellenbosch was nog nooit 'n maklike besigheid nie. Oor die jare het party bekende gesigte verdwyn: Huis Fred Liebenberg (later Hombré) en Huis Slabber. Nuwe name het egter ook opgeskiet: Academia, Concordia, Metanoia. René Volgraaff, 'n joernalistiekstudent, het gaan kyk hoe 'n paar van die ou studentehuse vandag daar uitsien.

As mure kon praat ...

Sedert die 1970's het die Universiteit Stellenbosch verskeie huise tussen die destydse mans- en vrouekoshuise gekoop om senior studente te akkommodeer, veral in Victoria-, Murray- en Joubertstraat.

Baie van hierdie huise is egter meer as net vier mure en 'n dak – dis historiese skatte met dennehoutdeure en kosyne onder verskeie lae amptelike verf, houtvloere, blokkies teëlvloere, gewels, marmerkaggels, versierde plafonne, komvensters, broekieskant om die stoepdakke en buitendeure met loodglasvensters.

Ongelukkig is inligting oor die geskiedenis en oorspronklike eienaars van ou huise op kampus skraap. Die plaaslike munisipaliteit het geen rekords vir dié geboue voor dit deur die Universiteit aangekoop is nie en die Universiteit het ook amper geen amptelike rekords oor vorige eienaars of die historiese waarde van die huise nie.

'n Huis wat as studente-akkommodasie gebruik is, is L'Avenir (Victoriastraat 71). Alhoewel dit nie US-eiendom is nie, blyk dit een van die min studentehuse te wees wat werklik goed gedokumenteer is. Hierdie Victoriaanse gebou dateer uit die begin van die vorige eeu. Dit is deesdae 'n vierster-gastehuis, maar is volgens Margaret Hoslan in haar boek *Stellenbosch Village 20-50* reeds in 1915 deur 'n mev Van der Spuy as losieshuis gebruik.

L'Avenir het op 'n stadium net mans gehuisves en daarna net vroue, veral meisies uit Irene of wat by Isa Carstens studeer het. In die 1950's was dit 'n privaat koshuis wat tot 50 vrouestudente op 'n slag gehuisves het, met die Kritzingers as huisouers.

In 1963 is die huis amper gesloop om plek te maak vir 'n woonstelblok. Dit het gelukkig die stootskraap vrygespring en is in 1996 vir 'n allemintige R800 000 verkoop om in 'n gastehuis omskep te word.

Rondomtralie (Victoriastraat 65) het ook vroeg reeds privaat losies aan studente gebied. Prof Koos du Toit, sekretaris van die Theron-kommissie van 1976, het in

1950 hier by 'n Tom Fourie loseer.

Du Toit het ná sy troue nege jaar lank die huis in Victoriastraat 45, wat vandag deel is van die Sentrum vir Studente-voorligting en -ontwikkeling (SSVO) is, gehuur. Hy het op daardie stadium Sosio-logie doseer in wat toe as die HF Verwoerd-gebou bekend gestaan het (vandag Rekeningkunde en Statistiek) – net oorkant die pad. 'n Vrouestudent in sy klas het glo een keer gevra of sy nie maar liever Du Toit se kinders oorkant die pad kan gaan oppas as om die klas by te woon nie!

Staaltjies oor ander huise dryf saam met die eikeblare rond. Waldenhuis (Victoriastraat 53) is vroeër gebruik om senior inwoners van Dagbreek net oorkant die pad te huisves. Dit is later gebruik as kantore vir die Shofar-kerk en is die laaste paar jaar weer 'n huis vir vrouestudente.

Merrimanlaan 70 is in 1970 van 'n mev Slabbert aangekoop om as klaskamers vir die destydse Fakulteit Handelswetenskappe se MBA-studente te dien. In 1981 het die Universiteit aansoek gedoen om toestemming om studente daar te huisves. Dit het daarna weer as deel van die Departement Chemie ingestaan. Sedert die laat 1990's staan die huis bekend as Kleinhuis en woon hoofsaaklik senior studente uit Huis Marais hier.

Whispers (Bosmanstraat 7) het tot 2005 sowat 13 senior studente uit veral Nerina en Heemstede gehuisves. Die huis, met sy drie verdiepings, geheimsinnige gange en houtpanele, moes egter teen einde 2005 ontruim word om plek te maak vir die Universiteit se Taalsentrum se Eenheid vir Engels.

Manewales (Bosmanstraat 15) se inwoners moes aan die einde van 2003 ook ontruim om plek te maak vir die Sentrum vir Studente-voorligting en -ontwikkeling (SSVO).

'n Hele paar huise hou egter nog vas aan hulle studente-inwoners. En hierdie statige geboue behou só hulle baie besonderse en warm karakter wat bydra tot die uniekheid van Stellenbosch. ■





"So, wat doen jy vir 'n lewe?"

So dikwels hoor mens hierdie vraag wanneer jy 'n langverlore vriend weer raakloop en jy "verslag" moet doen van jou lewe. Dan wil mens tog so graag iets sê wat belangrik klink!

En dis seker ook hoekom baie studente nie kan wag dat die ure voor die boeke verby is en die tyd aanbreek om geld te kan verdien nie - en om darem 'n indrukwekkende antwoord te gee vir die "So, wat doen jy vir 'n lewe?"-vraag.

'n Paar maande gelede sit ek en 'n paar ou Matie-vriende op die Rooiplein juis hieroor en gesels. Baie van hulle was jare laas hier en woon verspreid oor die wêreld. Met groot verlange praat ons toe oor hoe ons as studente tot diep anderkant middernag in De Akker gefilosofeer het oor hoe ons die

wêreld gaan verander en watter verskil ons in hierdie land van ons gaan maak.

Ja, ons was miskien naïef, maar ons het tog gevoel dat graadvang en werkkry nie die enigste doelwit in die lewe moes wees nie.

"So, wat doen ons nou om hierdie plek 'n beter een te maak?" wonder een hardop. "Wel, ek's die CEO van 'n maatskappy en gebruik ook my kontakte om beurse vir studente te skenk," sê een. "Ek's redakteur van 'n tydskrif, maar is ook betrokke as mentor vir finalejaarstudente," waag 'n ander een. "Ek het my eie maatskappy begin en probeer werk skep." "Ek is in die politiek en doen alles in my vermoë om korrupsie aan te spreek." "Ek praat nog Afrikaans, maar nou in Soweto en só help ek stereotipes verminder." "Ek dryf een van die land se sterkste NGOs en moedig ander alumni aan om ook betrokke te raak op gemeenskapsvlak."

"En wat doen jy, Heidi?" Ek antwoord: "Ek fasiliteer gesprekke soos hierdie wêreldwyd!"

Ek geniet hierdie uitdaging, want my werk is nie net om wêreldwyd alumni bymekaar uit te bring om hul eie netwerke te verstewig nie, maar ook sodat ons saam kan dink oor die wyses waarop ons saam "hierdie plek 'n beter een" kan maak.

Daarom bly my vraag of dit genoeg is om net 'n graad aan hierdie universiteit te verwerf? Is dit nie juis oor die grade wat ons HIER ontvang waaroor ons vandag gereeld daarbuite moet verantwoording doen ... oor wat ons nou eintlik doen nie? Want om 'n graad te verwerf, beteken nie noodwendig jy gebruik daardie kennis tot voordeel van ander en jouself nie. En is dit nie juis hiérin waarin ons as MatiesAlumni, ons van ander moet onderskei nie?

My oog vang die aanhaling hier op my lessenaar: 'n Graduandus : 1. Iemand wat suksesvol 'n studiekursus voltooi het, 2. Iemand wat 'n superieure vlak van kennis bereik het, 3. Iemand wat bereid is om die kennis wat hy bekom het, te gebruik om 'n positiewe impak op sy lewe en die wêreld waarin ons leef, te maak.

So, die wese van 'n graduandus is dus om 'n verskil te maak, is dit nie? Natuurlik kan ons dit elkeen in ons eie omgewings doen, maar by en deur die Universiteit Stellenbosch is daar ook vele geleenthede. Kontak my gerus of loer in by die Alumni-webportaal (www.matiesalumni.net) en hoor oor hoe jy 'n verskil kan maak.

Ek sien uit daarna om jou by een van ons geleenthede te ontmoet en verder met jou hieroor te kan gesels!

Groete, Heidi (Koördineerder: Alumni-verhoudingsbou/Coordinator: Alumni Relations)

• Read Heidi's letter in English on the alumni website: www.matiesalumni.net

Become a
Matie mentor -
wherever you are
in the world

Ever wondered how you can get involved ... other than supporting the University financially? Now you can become a mentor to a final-year student in your field.

A three month e-communication interaction is all that is needed to make a change in the lives of many students who need your assistance and advice. No financial contribution is required - only your genuine interest in helping a fellow Matie become a major role player in the world!

Here is your chance to get involved ... no matter where you are in the world.

Register online at "Support the SU: Mentorship" at www.matiesalumni.net.



Pak jou tasse!

MatiesAlumni Reis- en
Veldryklub: Jaarprogram 2007

27-29 April 2007: Die Hel

1-14 Julie 2007: Mosambiek

1-12 Julie 2007: Angola 2x4

9-12 Augustus 2007: Namakwaland

21-27 Oktober 2007: Lüderitz -
Walvisbaai

Vir meer inligting oor die Maties Reis- en
Veldryklub, kontak Jurgens Schoeman by
084 573 4839 of per e-pos by
matiesveldry@telkomsa.net.

MatiesAlumni Golfklub (Gauteng)

Kom sluit aan by hierdie
aktiewe Golfklub!



DATUMS VAN GHOLFDAE VIR 2007

10 Februarie	vs Kovsies (Kyalami)
1 Maart	Maatskappye Gholfdag (Randpark)
21 April	vs Rhodes (Kyalami)
11-13 Mei	Swaziland Gholfnaweek
13-15 Julie	Sun City Gholfnaweek
11 Augustus	Klubkampioenskappe (Kyalami)
7 September	vs Tukkies (Wingate)
13 Oktober	vs Pukke (Goldfields)
27 Oktober	vs UJ (Kyalami)
8 Desember	Vriendskapsdag (Kyalami)

Skakel Lezanne Bruwer by tel
(011) 326 0197/8 of kontak haar per e-pos
by jhbus@iafrica.com vir meer inligting.

Dagbreek is 85



Dagbreek het in September sy 85ste verjaarsdag met 'n groot reünie gevier. Volgens die Voorsitter van die Oud-Dagbreker Bond, Martin Viljoen, was die hoogtepunt van die reünienaweek die amptelike stigting van die Oud-Dagbreker Beursfonds in die Bethuel Sibuta Eetsaal waar ds Cassie Carstens, bekende Oud-Dagbreker en predikant die spreker was. "Die ODB Beursfonds is 'n lank gekoesterde ideaal wat reeds deur talle Oud-Dagbrekers ondersteun word."

• Vir meer inligting oor die Beursfonds, kontak Paul Bosman by tel 084 240 1098.

Nemesia is 30 jaar jonk!

Nemesia het haar dertigste verjaarsdag in September gevier met 'n reünienaweek waat waar oud en jonk saamgekuier het. Die naweek het Saterdag afgeskop met vonkelwyn en eetgoed. Dit is gevolg deur 'n bus-toer deur Stellenbosch "om weer die heimwee in die dames wakker te maak," sê Chené Smith, lid van die Huiskomitee.

"Die aand het ons 'n dinee gehou, waarna die dames besluit het om Stellenbosch se naglewe by Denim & Diamonds uit te toets! Sondagoggend het almal bymekaar gekom vir huiskerk en 'n gesellige brunch in ons sitkamer. Toe die tyd kom vir totsiens, het almal maar met swaar harte die koshuis verlaat."

FOTO LINKS BO: Sny daai koek! Op die foto is die 2006 Primarius, Herman van Dyk saam met die drie oudste Oud-Dagbrekers wat die reünie bygewoon het, mnr Mourits Read, mnr Carel Jarrard en dr Whitie Janse van Vuren. Heel regs is die Voorsitter van die Oud-Dagbreker Bond, Martin Viljoen.

1974 se Arbeidsterapie-studente hou reünie op Stellenbosch

Elf van die oorspronklike 17 Arbeidsterapie-studente van 1974 het onlangs reünie op Stellenbosch gehou. Volgens die organiseerder, me Hilda-Marié Burger, was die reünie 'n groot sukses en gaan hulle probeer om elke vyf jaar reünie te hou.

"Een klasmaat kon ons nie opspoor nie, want sy is terug Holland toe en ons het kontak met haar verloor. Ons is wel 'n bietjie ouer (en gryser) as in 1974, maar die klomp het almal mekaar sommer dadelik gevind" het me Burger gesê.

Me Susan Beukes, Departementshoof van Arbeidsterapie, het die groep ingelig oor hoe Arbeidsterapie deesdae daar uit-sien en hoe die opleiding gedoen word.

FOTO'S BO: Ouer, maar wyser. Agter staan Aletta Joubert (van Niekerk), Rhona de Groot (Jordaan), Helen Sanger (Ohlhoff), Louise Watermeyer (Rossouw), Ina van der Vijver (Stoffberg) en Louise Ritchie (Mostert). Voor is Corriane van Velze, Sonja van der Spuy (Kriel), Hilda-Marié Burger (van Rooyen), Esther Nieder-Heitmann (Pauw) en Erna Swart (Gericke). Die swart-wit-foto is in die groep se tweede jaar geneem.

Eendrag se manne staan saam



Eendrag het in 1961 sy deure saam met republiekwording oopgemaak en is 45 jaar oud. Hierdie mylpaal is gevier met 'n reünienaweek in September. Ou vriende het teruggekeer en stories, staaltjies en grappies is opgedelf.

"Eendrag het 'n ryk geskiedenis en as daar gekyk word hoe dit gevier is by die 45 jaar-reünie, kan daar net 'n blink toekoms voorlê vir die Arende," sê mnr Pieter-Ben Kriel, lid van die Eendrag Huiskomitee.



Nog sterk aan die gang! Greta Gericke, Walter Roux en Frieda Holzapfel het al drie voor 1940 in die koor gesing. Frieda was 'n stigterslid van die koor – 70 jaar gelede!

Oudkoorlede vlieg van regoor die wêreld na reünie

Die US Koor, die oudste studentekoor in die land, het onlangs sy sewentigste verjaarsdag met 'n reünie op Stellenbosch gevier. Lydia Meyer, koorbestuurder en organiseerder van die reünie, vertel meer.

Meer as 350 huidige en oudkoorlede van onder meer die VSA, België, Duitsland, Engeland, Skotland, Switserland en van oral in Suid-Afrika het die US Koor se 70 ste reünie vroeër vanjaar bygewoon.

Die oudste reünieganger, Frieda Holzapfel, (91) was sowaar 'n stigterslid in 1936 en het in alles meegedoen!

Verrigtinge het reeds Vrydagaand begin, met 'n optrede deur die huidige US Koor.

Op die Saterdag kon koorlede aan hul


musiek repeteer en die aand het die reüniekoor – saamgestel uit al die reüniegangers – 'n uitvoering in die Studentekerk gelewer. Al vier die oorlewende koorleiers, Johan de Villiers, Acáma Fick, Sonja van der Walt en André van der Merwe, het vooraf 'n koorstuk vir die reünie-optrede gekies wat vooraf aan al die koorlede beskikbaar gestel is.

Sondagoggend het die reüniekoor geleentheid gehad om weer op te tree – dié keer tydens die Moederkerk se oggenddiens.

• Foto's van die naweek is van Lydia Meyer beskikbaar. Skakel met haar by tel 021 808 2831 of per e-pos by us_koor@sun.ac.za. Die US Koor se webblad is www.sun.ac.za/koor.

reünies

München / Munich



Voor/Front row: Victor Randall, Astrid Herzberg, Detlef Kehlen, Andreas Guhl
Middel/Middle: Heidi October (US), Alexandra Gazendam-Schulz, Samantha Walbrugh-Parsadh (US), Philipp Neub, Steffi Turber, Sabine Schneider, Patrick Roembke, Johan de Kock
Agter/Back row: Tim Görst, Bertram Stolberg, Georg Otto, Raul Kerstermann, David Gezigora, Ilka Döring, Wolf-Axel Schulz, Susanne Linz

Alumni-bal

Van links/From left: Hansie van Vreden, Suzanne van Zyl, Werner Ferreira, Neil Thomas, Grethel Pieterse, Heike Kruger, Andre Pienaar, Neil Snyders, Danie van der Merwe en Eubre Pienaar.



Berlyn / Berlin



Voor/Front row: Heidi October (US), Johanna Schroth, Daniela Haarmeyer, Amelie Lemke, Diana Becker, Sebastian Boettcher, Katrin Adolph, Marcus Tenzer, Samantha Walbrugh-Parsadh (US), Lindy van Rooyen
Agter/Back row: Ulf Nadge, Helvi Fabritius, Stephan Holz-van Rooyen, Solveigh Hieber, Justus Maerker, Noack Mathias, Florian Ramspoth, Owe Ronny, Prof Walter Claassen (US), Jennifer Twehues, Jan-Bart Jaspert, Moritz von Bockum, Anjes Tjarks

Reünies wat kom

Women of Fire word 70 Huis ten Bosch vier in 2007 haar 70-jarige bestaan met 'n reünie. Die Women of Fire beplan 'n groot kuernaweek van 5 tot 7 Oktober, met 'n vonkelwynontbyt, dinee, wyntoer en heerlike saamkuiergeleenthede wat vir Oud-Huis ten Boschers voorlê. Skakel met Lelanie de Roubaix by 082 8855 245 of per e-pos by 14519224@sun.ac.za (of by hkhtbos@sun.ac.za) vir meer inligting.

Huis Marais word 60 Huis Marais vier sy sestigste bestaansjaar in 2007. Oud-huismanne kan vir Jaco Bruwer by hm_oudhuisman@sun.ac.za skakel. Die reünie word vir die naweek van 17 Augustus 2007 beplan.

Serruria, Dames van Deug, word 30! Serruria word volgende jaar 30 jaar oud en beplan 'n groot reünie in September. Vir meer inligting skakel asseblief met Jana Fourie by 082 928 9604 of per e-pos by 14542536@sun.ac.za.



Voor/Front row: Falk Lorenz, Martina Sperlich, Danijela Simic, Samantha Walbrugh-Parsadh (US), Thorsten Reuter, Silke Altena, Lisa Lichtenberg
Middel/Middle: Prof Petra Engelbrecht (US), Stefan Untergutsch, Annika Meiser, Birgit Opferkuch, Arlette Böttcher, Sabine Paul, Florian Kniffert
Agter/Back row: Wilhelm Schwardt, Hannes Stiepel, Christian Obendorf, Mario Rinke, Josef Cramer, Gerrit Mulert, Prof Walter Claassen (US), Holger Vogt-Altena

Hamburg

Nuwe

netwerk-koördineerders

MatiesAlumni-netwerk-koördineerders reël in samewerking met die Alumni-kantoor byeenkomste, gee nuusgebeure deur en help met die opdatering van adrelyste. Hier is die tweede lys netwerk-koördineerders. As hulle in jou omgewing is, skakel gerus en maak kennis! Sien www.matiesalumni.net vir die volledige lys.

Nieu-Seeland (Nelson): Hilda Bester (BMus, MMus (Musiekpedagogiek))



Hilda en haar gesin het in 1997 na Nieu-Seeland verhuis, waar hulle in Nelson, met sy pragtige natuurskoon aan die bopunt van die skilderagtige Suid-Eiland, nesgeskop het. Sy is 'n private musiekonderwyseres en

begeleier van onder meer die mannekoor in Nelson.

Kontak haar per e-pos by hilda.bester@gmail.com of by selfoon 027 424 1029.

Australië (Perth): Estelle Dawes (geb Gouws) (BComm)



Estelle was in Lydia en is "met 'n BComm-graad onder die arm die wye wêreld in". Sy bly al vyf jaar in Perth. "Vir 'n Vaalie is dit soos 'n droom, en gedurende die lang somer sal jy die Dawes-familie of op die strand raakloop of ons sal langs die rivier pieknik hou." Sy werk vir 'n organisasie wat na families met baie jong kinders omsien.

Kontak Estelle per e-pos by edawes@ngala.com.au of skakel haar by tel 08 9368 9381 of 04 4877 6625.

Verenigde Arabiese Emirate (Doebai en Abu Dhabi): Werner Weber (BComm (Wiskunde))



Werner werk sedert 2004 in die beleggingsbankwese en woon sedert 2006 in Abu Dhabi in die VAE, waar hy vir in die tesourieafdeling van 'n Arabiese bank werk. "Die VAE is 'n ongelooflike land wat, te danke aan huidige oliepryse, groei teen 'n pas wat woorde nie kan uitdruk nie."

Kontak Werner by e-pos by wweber@gmail.com. Sy selfoonnommer is +971 50 265 7251.

Ierland (Dublin): Marinette van Vuren (Sprake terapie en Audiologie)



Marinette werk al vyf jaar in Ierland, waar sy eers gewerk het met kinders wat serebraal gestremd is, voordat sy Dublin toe getrek het. Hier werk sy met kinders wat verstandelik gestremd is en sy vertel dat sy die daaglikse uitdagings baie geniet. "Hier is 'n hele paar Suid-Afrikaners. In Dublin het ons ons eie Suid-Afrikaanse slagter wat boerewors, biltong en droëwors aan ons verskaf. As ons erg homesick raak, gaan kuier ons by ons Suid-Afrikaanse restaurant, Cape Café, wat volstruis-steak, bobotie en melktert bedien!"

Kontak Marinette per e-pos by marinette.vanvuren@smh.ie of marinette_j@hotmail.com of by selfoon 087 7620 458.

Nederland (Haarlem): Jo-Ann Garbutt (BIng)



Jo-Ann, wat in Minerva was, vertel dat na 'n paar jaar se werk die swerflus haar beetgepak het. Sy het 'n M-graad in Kalifornië, VSA, gedoen en is tans 'n organisasie-ontwikkelingspesialis by 'n internasionale

ingenieursmaatskappy in Nederland.

"Ek is sowaar 'n gebore sigeunerin wat die wêreld vol gewoon, gewerk en gevakansie het. Ek praat ook sommer 'n hele spul tale. Waarom soveel plekke? Uit pure nuuskierigheid en ook hoekom nie?"

Sy skilder ook (sien www.joanngarbuttcreations.com) en sien daarna uit om "'n meer rustige lewe met my kat, my familie, my vriende en my olieverf te lei".

Kontak Jo-Ann per e-pos by joanngarbutt@yahoo.com, per telefoon by +31 23 543 2047 tydens werksure, of sien haar webblad.

Frankryk: Tania Carême (geb van Zijl) (BRek)




Tania is 'n gebore Kapenaar wat met 'n Franse wynmaker getrou het en die Eikestad vir 'n dorpie in die Franse platteland verruil het. "Ek het BRek studeer, maar was ook voorsitter van die

wynkultuurvereniging, en my universiteitsopvoeding het net soveel in die lesingskamer as op die gereelde wynproe wat ons gedoen het, gebeur! Ek werk nou saam met my man en doen alles - van die rekeninge tot druiwe pluk. Ek mis Suid-Afrika baie (hulle verkoop nie Zoo-koekies en biltong in my dorp nie) maar geniet die Franse brood, kaas, wyn en lewenstyl verskriklik baie."

Kontak Tania per e-pos by tania.careme@gmail.com of by tel +33 02 47 52 71 28.

Verenigde Koninkryk (Londen): Christine Walters (BComm (Bemarkingsbestuur) (BComm Hons))



Christine, 'n "plaasmeisie uit die hartjie van die Swartland" en oud-Heemstede, werk die afgelope jaar vir 'n advertensie-maatskappy in Londen. "Ek het die geleentheid om Londen toe te kom, aangegryp en bewonder

die pragtige stad en alles wat hier gebeur met my sterk Suid-Afrikaanse waardes en agtergrond! Ek is maar nog net 'n paar maande hier, maar tyd vlieg! Ek mis my mense, maar geniet die voorreg en besef dat ek is waar ek nou moet wees om my passie uit te leef: om 'n verskil te maak in die lewe! Ek sien uit na wat vir my voorlê - maar daarvoor moet ek die lewe elke dag voluit leef!"

Kontak Christine per e-pos by chris10walters@hotmail.co.uk of by tel +44 77 11 096 111.

Suid-Afrika (Limpopo-provinsie): Oupa Mokoti (BComm (Financial Accounting))



Oupa Mokoti works for the accounting firm Price-waterhouseCoopers in Limpopo as a trainee accountant. His future plans involve "making big money and travelling overseas!"

"I really enjoyed my life as a

Matie. The highlight of my student life was when I was entrusted by the Matie community to head the SRC's Current Social Issues Portfolio. Given the history of Stellenbosch life, being the first black student to be entrusted with this SRC responsibility heightened my decision-making skills, communication, and people skills. I thank all this to the Maties."

Contact Oupa by e-mail at phillip.mokoti@za.pwc.com or on cellphone 072 850 5594.

Suid-Afrika (Suid-Kaap, Oudtshoorn): Alexa Moos (BComm (Menslike Hulpbronbestuur))



Alexa, 'n oud-Nemesianer, werk by die Eden Distriksmunisipaliteit as Assistent-personeelbeampte: Arbeidsverhoudinge. "As ek nie werk, studeer of bietjie rolbal speel nie, ontspan ek net in die dorp wat volgens my die beste

Karoo-ervaring bied - veral in die somer!"

Kontak Alexa by e-pos alexamoos@yahoo.com of skakel haar by tel 044 803 1300 of by sel 076 476 5350.

Become a network coordinator!

Our list of network coordinators worldwide has expanded. These people assist the Alumni Office to organise events in your area, give feedback on news about alumni in specific regions and help with the updating of address lists. The complete list of network coordinators (in English and Afrikaans) is available on the MatiesAlumni website, www.matiesalumni.net.

Interested in becoming a network coordinator?

Contact Heidi October (Coordinator: Alumni Relations) at tel 27 21 808 2948 or e-mail her at hcoctober@sun.ac.za.



Here we go! The Board of the SU Sport Performance Institute (SUSPI) comprises Prof Tom Park, Dean of the Faculty of Education; Ms Helette Pieters, Company Secretary; Mr Louis Alberts, CEO: Medi-Clinic; Prof Estian Calitz, Executive Director: Finance at Stellenbosch University; Mr Jannie Durand, CEO of VENFIN; Prof Liesbeth Botha, Executive Director: Innovation and Commercialisation at Stellenbosch University; Prof Julian Smith, Vice-Rector: Operations; and Mr Rob Benadie, CEO of SUSPI.

New Sport Performance Institute - a home for all

A whole new world of possibilities opened up for Stellenbosch University (SU) when the long-awaited SU Sport Performance Institute (SUSPI) was finally established in September.

Various role players at SU have been dreaming about a world class sports institute for Stellenbosch for a number of years. Their hard work eventually paid off when the Institute was officially established as a corporate company this year.

The Institute will strive to be a home for all athletes, coaches and administrators – local and international. It will primarily focus on providing world class services in four main fields, namely sport science, sport medicine, education and community programmes across sport, wellness and fitness, and the provision of sport facilities and accommodation.

"The SU Sport Performance Institute will offer its services to elite athletes of various sports codes, as well as the person who simply wishes to improve his or her fitness and wellness," says Prof Julian Smith, Vice-Rector: Operations, who helped to develop the University's sports plan that gave birth to the Institute.

According to Mr Robert Benadie, who was appointed as CEO, the vision of the Institute is: "To be a world-class sports training, education and research centre, dedicated to enhancing the role of

Stellenbosch University as an active agent in the development of South Africa through the medium of sport."

He added: "Many academic staff and other individuals have worked extremely hard over the last few years to get us in the position that we are now in. A bold but achievable vision has been set and it is the Institute's job to professionally steer us towards our vision."

SUSPI is a company wholly owned by SU, and forms part of the portfolio of Prof Liesbeth Botha, Executive Director: Commercialisation and Innovation. Prof Botha said that Stellenbosch's sporting history and the facilities available made it an obvious place to start such a company. "We have always had a truly wonderful sporting history, incredible facilities and of course the unique Stellenbosch environment. We are now focusing on ensuring that these sport assets are optimally utilised to assist athletes and others such as coaches to better prepare themselves for peak performance," said Prof Botha.

The Institute will cooperate closely with various University departments as well as the Sports Bureau and the Sport Science and Physiology Department. Clients will be offered a unique and comprehensive package of services that meets their needs.

To achieve this, a professional team of fulltime SUSPI employees is being established. The Sport Science and Medicine division will be led by Dr Pierre

Viviers supported by Dr Karin Hugo, manager of Sport Science. Mr Hein Swanepoel and Ms Didi Tourel will continue to manage the current Gymnasium, which is now a division of SUSPI. Ms Janet Baxter will lead the Learning division, which will primarily focus on establishing SUSPI as a leading provider of sport, wellness and fitness related short courses.

There have been some exciting infrastructure developments: a world-class recovery centre is currently being built at the Sports Science Department, Sport Medicine offices are busy being incorporated at the Biokinetic Centre, the University residence Huis Neethling has been dedicated to SUSPI as athlete accommodation and is being upgraded, and a new floor for the DF Malan indoor centre is on its way.

According to Smith and Benadie the US wants to utilise sport as a strategic asset. "The main task of the Institute's management team will be to generate an income by commercialising the Institute as a brand. All profits generated will be re-invested into sport at the University."

"The Sports Bureau will continue to operate as a separate entity while conducting work that is complementary to the work being done by the Institute. We are working within the context of Team Stellenbosch," says Smith. 

• Contact SUSPI at tel 021 808 4731 or via e-mail at rbenadie@sun.ac.za.



Die **Maties-rugbyklub** het weer 'n suksesvolle seisoen beleef. In die WP se Super A-liga het hulle vir 'n rekord tiende agtereenvolgende keer die Groot Uitdaag-trofee verower. Verder spog die Klub met 54 spelers wat vanjaar vir die WP se onderskeie spanne uitgedraf het, waaronder 10 spelers in die WP Curriebekerspan se begin-vyftiental. Die Klub het weer aan die Nasionale Klubrugby-kampioenskappe deelgeneem, maar onverwags in die eerste ronde vasgeval, maar nietemin die Plaatkompetisie gewen.



BO: Die FNB Matiespan wat die Nasionale Klubkampioenskappe se Plaatkompetisie gewen het.

Die **Maties-netbalklub** het vanjaar tweede geëindig by die SASSU-toernooi en spog met 23 spelers in Boland se onderskeie spanne. Boland is vanjaar as die nasionale kampioen gekroon. Vyf Maties is ook opgeneem in die SA o.21-span en twee in die SA o.19-span, terwyl Claudia Basson Maties in die Proteaspan verteenwoordig het.

Robert Honiball van die **Maties-gimnastiekkklub** het by die Suid-Afrikaanse Gimnastiek-kampioenskap die individuele algehele tweede plek uit 16 deelnemers in die senior Olimpiese-afdeling behaal. In die finaal vir seniors was hy eerste op die ringe, tweede op die brug en derde op die rekstok.

Danksy die nuwe kunstras-waterbasis-hokkiebaan kon die **Maties-hokkieklub** vir die eerste keer in die geskiedenis 'n hokkietoets in Stellenbosch aanbied. Die Spar Suid-Afrikaanse vrouehokkiespan het in Julie dié toetsreeks van vier toetse teen Indië met 3-0 gewen, en altesaam nege van Maties se vroue is opgeneem in die nasionale span wat aan die Wêreldbeker Hokkie-toernooi in Spanje deelgeneem het.

Eric Rose-Innes het op sy beurt die Maties in die nasionale Wêreldbekermanspan verteenwoordig. Verder het Maties se vroue-hokkiespan die WP Grootuitdaagliga vir 'n rekord sewende agtereenvolgende jaar gewen. Die Maties se vroue-én manspan het ook die geskiedenisboeke herskryf deur albei die goue medaljes by die Suid-Afrikaanse Studente-sportunie-(SASSU)-toernooi te verower.

LINKS: Die Spar SA Vrouehokkiespan het nie net die Indiese Vrouehokkiespan geklop nie, maar het ook 'n paar toekennings vir hulle ongelooflike spel verdien. Hier oorhandig Roelf Venter, Uitvoerende Bemerkingsbestuurder van die Spar Groep, die trofee vir Speler van die Reeks aan die SA en Matie hokkiespeler Taryn Bright.



BO: Janus Robberts en Janice Josephs is aangewys as die US se Sportman en Sportvrou van Jaar. Hier is mnr Joep Loots wat die trofee namens Josephs ontvang het, prof Julian Smith, Viserektor (Bedryf) en Robberts.

Die **Maties-atletiekkklub** loop breëbors aangesien die Universiteit se Sportman én Sportvrou van die Jaar uit dié klub se geledere kom. Janus Robberts en Janice Josephs het onderskeidelik met die louere weggestap by vanjaar se US Erekleuredinee. Die jong Robert Oosthuizen het ook die Klub se naam hoog gehou by die 2006 IAAF Wêreld Atletiek-kampioenskappe wat in Augustus in Beijing, China, plaasgevind het. Hy het die goue medalje ingepalm om sodoende Maties se nuwe wêreldkampioen te word.

Die **Maties-judoklub** se Paul Young is vanjaar aangewys as Suid-Afrika se top-judoka nadat hy twee goue medaljes by die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe ingepalm het.



In September het **Ilse Hayes** (links) en Fanie van der Merwe, albei sportwetenskapstudente aan die US, aan die Atletiek Wêreldkampioenskappe vir Persone met Gestremdhede deelgeneem. Beide atlete het medaljes huis toe gebring. Ilse Hayes het bronsmedaljes verower in die 200 m en 400 m vir die visueelgestremde klas T13, terwyl Fanie van der Merwe 'n silwermedalje verower het in die 200 m vir persone wat serebraal gestremd is, klas T37.



Drie van die **Maties-fietsryklub** se lede, Dan Craven, Erik Kleinhans en Jaco Wasserfall, het in die tweede helfte van die jaar teruggekeer van hul Europese veldtog, waar hulle waardevolle ondervinding opgedoen het. In hul afwesigheid het Michael Sowerby baie goed gevaar op die pad en Arno Viljoen (foto) uitstekend op sy bergfiets, deur podiumplekke in 'n paar nasionale wedrenne te kry. Stephan Heroldt het ook uitstekend gevaar by die Paralimpiese Spele in Switserland, waar hy 'n bronsmedalje gewen het. Een van die Klub se gestremde atlete, Chris Wagner, het 'n silwermedalje by die Wêreld Driekamp-kampioenskappe gewen.

Ronnie Belcher (1933-2006)



Prof Ronnie Belcher, bekende Stellenbosser, akademikus, digter en Oudmatie, is onlangs oorlede. Prof Belcher was etlike jare die vriendelike Goewerneur Simon van der Stel by Stellenbosch se dorpsfees.

Hy het in 1951 aan die US begin studeer en verwerf later die grade BA, BAHons, MA en DLitt. As akademikus is hy hoof van die departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Wes-Kaapland, van 1974 - 79 senior publisiteitsbeampste by die US (waartydens hy ook redakteur van *Matieland* was) en vir twee jaar bestuurder van die Universiteitskoor en die US Blaasorkes, en van 1980 - 1987 senior lektor aan die Universiteit van Natal. Hy tree af by die Universiteit van Bophuthatswana as hoof van die Departement Afrikaans.

Belcher het uitgebreid navorsing gedoen oor die multikulturele oorsprong en ontwikkeling van die Afrikaanse taal en kultuur. Hy was ook lid van die Afrikaanse Skrywersgilde. Etlike eretoekennings het sy kant toe gekom en die Griekwa-gemeenskap het hom erelid gemaak.

Ronnie, wat 18 digbundels gepubliseer het waaronder vyf kinderbundels, het altyd die indruk gewek dat hy die lewe speels benader.

Dr PW Botha (1916-2006)



'n Voormalige kanselier van die Universiteit Stellenbosch, dr PW

Botha (90) is op 31 Oktober oorlede. Dr Botha is 'n voormalige Eerste Minister en President van die Republiek van Suid-Afrika en het die amp as kanselier van die Universiteit van 1984 tot 1988 bekleed.

Die Universiteit het sy meegevoel met die familie van dr Botha uitgespreek en gesê dat hy die akademiese ideaal van die Universiteit, naamlik om een van die beste instansies van hoër onderwys in die land te word, ondersteun het.

Dr Botha was self nie 'n oudstudent van die Universiteit nie, maar sy eerste vrou, mev Elize Botha, was wel 'n Matie wat haar BA-graad in die vroeë veertigerjare verwerf het. Mev Botha is in 1997 oorlede.

Drie van dr PW en mev Elize Botha se kinders en twee skoonseuns het op Stellenbosch studeer.

Dr Botha het in Maart 1976 'n eredoktorsgraad van die destydse Kanselier, dr BJ Vorster ontvang. Dr Botha, die Universiteit se tiende kanselier, is deur dr JG van der Horst as Kanselier opgevolg.

NOTA: Dit is gebruik by die Universiteit dat 'n persoon wat 'n eredoktorsgraad van die Universiteit ontvang het, as Doktor aangespreek word, al het die persoon nie self 'n doktorsgraad verwerf nie.

(Foto: Die Burger)

Johann Pfuhl (1951 - 2006)



'n Besondere oudinwoner van Huis Visser en kwadrupleeg, Johann Pfuhl (54), is vroeër van-

jaar oorlede. Johan het in 1971 'n ernstige nekblesering opgedoen en moes die US tydelik verlaat om 'n nuwe lewe in die Conradie Hospitaal te begin. Hy verloor nie moed nie en met die liefdevolle ondersteuning van sy ouers keer hy terug US toe en behaal sy BA in 1974. Omdat hy nie sy ledemate kon gebruik nie, was sy ma sy "ledemate". Sy het hom by die voorlesings gebring en ook die bladsye van sy voorgeskrewe boeke vir hom omgeblaai as hy wou studeer.

Hy behaal ook sy LLB deur Unisa en bekwaam homself as advokaat. Na 'n groot stryd met die destydse Staatsdiens maak hy geskiedenis deur een van die eerste persone te word wat as kwadrupleeg as advokaat toegelaat word. Tot onlangs nog het hy deelyds in dié hoedanigheid gepraktiseer.

Johann was 'n entrepreneur by uitnemendheid. Hy was tot sy dood voorsitter van die Wes-Kaapse Kwadrupleegse Vereniging - 'n toonaangewende welsynsorganisasie in Suid-Afrika. Hy was ook die bestuurder van 'n posversendingsdiens wat die verspreiding van pos van die Kaapse munisipaliteit hanteer, en by dit alles het hy ook 'n steenmakery begin.

Hy het ook in samewerking met die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie beywer vir die ontwikkeling van 'n akademiese program vir die opleiding van gestremde entrepreneurs.

Willie Jonker (1929-2006)



Die prominente predikant en teoloog, prof WD (Willie) Jonker (77), is in Augustus 2006 in die

Strand oorlede. Behalwe vir sy bekendheid as akademikus en skrywer, word prof Jonker veral onthou vir die standpunt wat hy teenoor apartheid ingeneem het en vir die skuld-erkenning wat hy namens die NG Kerk tydens die sg Rustenburg-beraad in 1990 gedoen het.

Prof Jonker, wat regdeur sy bediening 'n voorstander van 'n onverdeelde NG Kerk-familie was, het vir twee termynen as Dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch gedien en was die outeur van talle boeke oor die teologie. Prof Jonker het ook drie doktorsgrade - van die Universiteite van Stellenbosch (1997), Potchefstroom (vandag die Noordwes Universiteit), (1999) en die Vrystaat (2004) - ontvang. Die Andrew Murray Prys vir Teologiese publikasies is in 1991 en weer in 1997 aan hom toegeken.

In 'n huldeblyk aan prof Jonker, het prof Russel Botman, President van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en Viserektor (Onderrig) aan die US gesê dat die vryheidsvraag die bybels-teoretiese onderbou van Willie Jonker se lewenswerk gevorm het. "Mense soos Willie Jonker wat die weerlose keuse vir die vryheid maak, gaan soek hul heimat in die sferes waar die vryheid heelbeste behoort te gedy: die kerk en die universiteit. Die kerk is immers die ruimte waarbinne die vryheid van die gewete gekoester en verdedig moet word. Die universiteit is immers die instelling wat in die bresse tree vir die akademiese vryheid."

Volgens prof Botman was prof Jonker geseën met baie vryheidsmomente en dat die Rustenburg-geleentheid vir altyd sal uitstaan: Op Rustenburg het Jonker vorendag gekom met 'n waterskeidingsbelydenis: "I confess before you and before the Lord, not only my own sin and guilt, and my personal responsibility for the political, social, economical and structural wrongs that have been done to many of you and the result of which you and our whole country are still suffering from, but vicariously I dare also to do that in the name of the NGK of which I am a member, and for the Afrikaans people as a whole."

Mnr IJ (Izak) Bester van Kirstenhof (63). Oud-inwoner van Helderberg. Verwerf sy BSc Ing-graad in 1950.

Ds PS (Paul) Bester van Jeffreysbaai (80). Verwerf sy BA in 1948 aan die US. Hy was ook predikant in Kanoneiland, Thornton, Gochas (Namibia) en Williston.

Prof Ronnie Belcher van Stellenbosch (73). Verwerf sy BA Hons en MA en DLitt in 1962.

Mnr TNG (Tom/Thomas) Boshoff van Volksrust (68). Oud-inwoner van Dagbreek en Helderberg. Verwerf sy BSc, BIng in 1960.

Prof LC (Lionel) Bowman van Seepunt (87). Was dosent aan die Konservatorium en het internasionale aansien as konsertpianis geniet.

Dr PL (Pierre) Bredenkamp van Boston, Bellville (48). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BA in 1981 en sy HOD in 1982.

Was ten tye van sy dood die inwonende hoof van Hippokrates op die Tygerberg-kampus, opvoedkundige en koördineerder van die verlengde graadprogramme op Tygerberg.

Mev A (Anzabeth) Bruwer (née Kruger) van Bellville (49). Oud-inwoner van Huis Neethling. Verwerf haar B Huisoudkunde-graad in 1978 en werk in Johannesburg by Nasionale Opvoeding tot 1984.

Dr SM (Severus) Cerf van Somerset-Wes (83). Verwerf sy BA in 1943, sy SOD in 1944, MEd in 1954 en DEd in 1965.

Mev M (Marita) Henning (née van Aarde) van Pretoria (63). Oud-inwoner van Monica. Behaal haar BSc-graad in 1965. Werk by die WNNR tot 1997 waar sy haar loopbaan afsluit as Kommunikasiebeampte.

Mnr JJ (Hans) du Plessis van Somerset-Wes (70). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf sy BA-Regte in 1955, Bluris 1959 (UP) en sy LLB in 1967 (Unisa). Was staatsprokureur in Pretoria en later Adjunk-Direkteur-Generaal in die Departement van Justisie.

Ds AJ (Cobus) de Klerk van die Strand (70). Verwerf die grade BA (1962), BTh (1965) en sy Lis Teol in 1966. Was predikant in Gobabis, Villiersdorp en in Windhoek. Dien ook lank op die Kuratorium van die Kweekskool.

Mnr AM (Mike) de Villiers van Lynnwood (91). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf sy BSc (Bosbou)-graad in 1935. Was 'n voormalige direkteur by die Bosboupprodukte Navorsings-instituut in Pretoria. Veral bekend vir die bergpas by Cathedral Peak in die Drakensberge wat hy tussen 1938 en 1949 help bou het.

Mev ME (Maria) du Toit van Somerset-Wes (84). Oud-inwoner van Harmonie. Verwerf haar BA in 1941 en haar SOD (nagraads) in 1942.

Dr GL (Gerrit) de Kock van Kathu (60). Behaal die grade BHons, MA en DPhil aan die US. Tussen 1971 en 1985 was hy dosent in Geografie en van 1986 tot 1989 ook senior lektor in Afrikastudie by die US. Hy vestig hom in 1990 Kathu waar hy ten tye van sy dood Bestuurder: Gemeenskapsontwikkeling en Kommunikasie by die Sishenmyn was.

Mnr SJ (Fanie) Delpont van die Strand (80). Verwerf sy BComm-graad in 1947 aan die US. Het geboer in Caledon waar hy 'n leidende rol in die gemeenskap gespeel het.

Dr WL (Lou) Hofmeyr van Pretoria (98). Verwerf sy BSc in 1928, sy MSc in 1929 en sy SOD in 1931. Was verbonde aan die Weerburo en besoek Antarktika en vyf ander kontinente.

Skrwyer van drie publikasies na sy aftrede op 70, onder meer oor die heelal op 92-jarige ouderdom.

Mnr R (Roelof/Hollie) Hollenbach van Johannesburg (65). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf sy BIng-graad in 1962.

Adv JS (Steve) Janson van Vredehoek (60). Oud-inwoner van Simonsberg. Verwerf sy BA in 1967 en sy LLB in 1969.

Mnr RM (Ralph) Johnson van Vanderbijlpark en Windsor in die Verenigde Koninkryk (24). Verwerf sy BComm-graad in 2003 aan US.

Gradueer in 2003 aan die US en skryf in by die Britse leër se militêre kollege, die Royal Military Academy Sandhurst. Hy doen aktiewe diens in Afghanistan en sterf in 'n granaataanval op 1 Augustus. Volgens berigte in die Britse media was hy besonder gewild onder sy vriende en kollegas.

Prof WD (Willie) Jonker van die Strand (77). Was dosent aan die US by die Fakulteit Teologie aan US. (Sien artikel).

Mnr JH (Jan) Joubert van Stellenbosch (voorheen Namibië) (59). Verwerf sy BA in 1974. Wyd bekend in 4x4 geleedere en as natuurliefhebber, bewaringskundige, toeleier en skrywer.

Mnr APR (André) Kellerman van Stellenbosch (64). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf sy BA in 1963, HonsBA (1965) en sy MA in 1968. Was werksaam by die Buro vir Sosiologiese Navorsing, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en later by Unisa. Was vanaf 1973 tot 1995 verbonde aan die US as senior lektor in die Departement Sosiologie. Was ook betrokke by genealogiese navorsing.

Mnr J (Jacques) Kleynhans van Port Elizabeth (36). Oud-inwoner van Huis Visser. Verwerf sy BA in 1992 en sy HonsBA in 1994.

Mnr LP (Lourens) Liebenberg van Worcester (62). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BSc BIng. in 1967.

Mnr R (Riaan) Loots van die Strand (25). Het vir Maties Onder 19 A1 en Onder 20 A1 gespeel terwyl hy besig was met sy BComm.

Ds AD (Danie) Lückhoff van die Paarl (57). Oud-inwoner van Dagbreek. Was predikant van die Strooidak-gemeente in die Paarl.

Mev SCM (Sibs) Marais (née Botha) van Waterkloof, Pretoria (93). Verwerf haar BA-graad in 1936 en haar SOD in 1937.

Mev W (Helmenie) McDermid (née Roux) van Oudtshoorn (89). Oud-inwoner en primaria van Monica en lid van die Studenteraad. Verwerf haar BA met Liggaamsopvoeding in 1936 en 'n Diploma in Onderwys in 1937. Werk op Lady Grey en daarna in die Paarl en Wellington.

Dr BM (Bernard) Musembi van Pinelands (47). Verwerf sy MTh-graad in 1997 en sy DTh-graad in 1999.

Mev S (Stephanie) Muller van Kuilsrivier (77). Voormalige Inwonende Hoof van Harmonie tussen 1979 en 1994.

Ds TS (Themba) Nyatyowa van Kuilsrivier (61). Was 'n groot rolspeler in die kerkherenigingsproses en was werksaam as skriba en vertaler van die VGK-Kaapland.

Mnr HGM (Hellmut) Neumeister van Namibië (74). Verwerf sy BSc in 1958 en sy BIng in 1959. Was 'n stigterslid van die US se sokkerklub en aktiewe speler. Doen na sy studies konstruksiewerk by verskillende firmas.

Werk vanaf 1968 in Namibië by die Departement Paaie en Waterwese.

Ds HTS (Henry) Page van Grootfontein (74). Voltooi sy Teologiese studies in 1963.

Mnr A (André) Pienaar van Vereeniging (65). Oud-inwoner van Simonsberg. Verwerf sy BComm in 1961.

Mev AH (Alta) Pool (née Kolbé) van Stellenbosch (64). Oud-inwoner van Harmonie en Sonop. Verwerf 'n BA-graad (Geografie en Geskiedenis) en SOD.

Prof FJ (Frederik) Potgieter van Somerset-Wes (84). Verwerf sy MA-graad en sy SOD (nagraads) in 1941.

Prof NF (Niek) Pretorius van Kuilsrivier (66). Verwerf sy BA in 1972, BTh in 1975, HonsBA in 1976, MTh in 1976, MA in 1979 en sy DLitt in 1985.

Mnr JP (Johan) Roux van Linden, Pretoria (61). Behaal sy BA in 1965 en sy HonsBA in 1966. Was 'n bekroonde Afrikaanse advertensiekopieskrywer vir die televisie, radio en gedrukte media.

Prof APG (Gerhard) Söhngé van Somerset-Wes (92). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BSc in 1933 en MSc in 1934.

Dr AC (Abrie) Schmidt van Bellville (57). Oud-inwoner van Huis Marais. Verwerf sy BSc in Landbou in 1971, sy MB, CHB in 1977 en sy MMed in 1984. Was beskou was een van die voorste androloë en uroloë in die land en het 'n reuse bydrae gelewer op die gebiede van kliniese dienste, studente-ondererrig en navorsing. Hy was 'n senior spesialis by die Departement urologie en was hoof van die nieroorplantingsprogram.

Mnr J (Jan) Tait van Lynwoodrif (29). Oud-inwoner van Eendrag. Verwerf sy BIng-graad in 1998 en sy MIng in 2000.

Ds JM (Jakobus) van den Berg van Sinoville (95). Verwerf sy BD in 1937 aan die US

Ds DC (Dirk) van Dyk van Rosebank (96). Oud-inwoner van Hombré. Verwerf sy BA in 1942.

Mnr F (Felix) van Heerden van Valhalla (79). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BSc in 1947 en sy BSc Ing. in 1950.

Mnr E (Eben) van Loggerenberg van Erasmusrand (27). Verwerf sy BComm in 2004.

Prof W (Willie/Willem) van Wijck van Stellenbosch (52). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf sy BIng (1976), MIng (1983) en PhD (1989) aan die US. Hy het vir Krygkor gewerk en was daarna in die Departement Bedryfsingenieurswese werksaam waar hy later as medeprofessor aangestel is.

NOTA: Matieland huldig graag oudstudente wat oorlede is, maar benodig sover moontlik volledige inligting. Dit sluit in volle name, van (en nooiensvan indien van toepassing), geboortedatum, datum waarop persoon oorlede is, grade behaal aan die US (of ander verbintenis, bv. ontvangers van eregrade wat nie hier studente was nie) en 'n kort beskrywing van die persoon se beroepslewe. Foto's is ook welkom, maar plasing hiervan hang af van die hoeveelheid spasie wat beskikbaar is. Stuur asb die inligting na me Malena Fourie van die Alumni-kantoor by tel (021) 808 4843, faks (021) 808 3026 of per e-pos by alumni@sun.ac.za.

Wanneer laas was jy by 'n kleuterskoolkonsert? Ek was onlangs by my seuntjie se eerste konsert. (Die aanskoue hiervan het my weer eens met 'n diepe ontsag vir kleuterskoolonderwyseresses vervul, maar 'n ander keer meer daaroor.)

So 'n konsert is 'n belewenis! Maar iets wat amper interessanter is as die opvoering is die gedrag van die mamas en pappas en hul kameras. Dis 'n wonder dat die arme kinders nog kon sien waar hulle moet loop soos wat daar foto's geneem word – dit lyk erger as donderweer op die Hoëveld soos wat die flitse op die kindertjies neerreën.

Die arme leeus kon skaars 'n welpie se brul uitkry en die paddas het amper hul woorde vergeet onder die aanslag van die papa- en mamarazzi.

Self moes ek stoei om voor te kom om my seuntjie in sy leeupak af te neem. En tussendeur wonder jy of die batterye gaan hou en of jou geheuekaart groot genoeg is.

Dit het my weer laat wonder hoekom ons so kamera-mal is.

As dit nie die beste nuwe veelfunksie digitale kamera is wat in 'n boonste hemsak pas nie, is dit iemand met 'n nuwe selffoonkamera wat uitgeruk word, in jou gesig gedruk word en jy

hond na drie jaar se intense opleiding poot gee as jy hom groet? Ons storm by die huis in skree: "Waar's die kamera?!"

As ons dan uiteindelik al die verstellings reg het en nuwe batterye ingesit het, baklei die kinders lankal weer en die hond snork in sy hok.

Tye soos hierdie laat my wonder of dit nie die beste sou wees as sulke tonele hulself rustig afspeel nie – sonder dat daar enige kameras naby kom. Net jy en die oomblik. Om rustig daardie moment of glory in te drink.

En hoe baie keer het dit nie al gebeur dat 'n oomblik juis versteur word deur 'n kamera se nabyheid nie? Buitendien is die mooiste foto's daardie's wat onbewustelik geneem word. Nee, ek bedoel nie steelfoto's van jou skoonma wat 'n mielie met haar valstande probeer eet nie, maar juis die foto's waar almal nié cheese hoef te skree nie.

Kyk 'n bietjie volgende keer as jy 'n troue bywoon. Hoekom moet die bruidspaar maak of hulle die koek sny of hoekom moet die fotograaf met flitsende ligte om die bruidspaar rondans as hulle die dansbaan probeer open? Dis veronderstel om 'n private oomblik te wees, maar nee, ons het die alewige kameras wat orals moet in.

Hoekom het ons so 'n drang daarna om die lewe se magiese oomblikke op kamera vas te vang?

Ek dink dis omdat ons so 'n behoefte aan wonderlike oomblikke het dat ons dit nie kan laat gaan nie. Verbeter wil ons kunsmatig daaraan vasklou.

Dalk is dit omdat ons nie genoeg "glory moments" vir onself skep nie, of dalk omdat ons nie meer die alledaagse glory moments raaksien nie of verslaaf is aan die nagmaakte, perfek-beligte glory moments wat Hollywood opdis.

Glory moments hoef 'n mens nie te fotografeer, te dokumenteer of te argiveer nie. En jy kan dit maar vergeet ook want glory moments word in jou drome en nie op 'n geheuekaart bewaar nie.

Kyk volgende keer hoe kinders 'n draairoomys eet of ghloeg-ghloeg 'n glas koeldrank afsluk. Wanneer laas het jy op die naat van jou rug gelê en na die wolke gekyk? Gesing in die stort of na 'n kragtige stuk musiek met oorfone aan geluister. Beleef 'n sonsondergang.

Gaan herontdek die glory moments in jou lewe – veral as jou kamera nie naby is nie.

Groete tot volgende keer.
Martin



Ag waar's my kamera nou?

Iets op die hart? Skryf gerus aan my by media@sun.ac.za of by Die Redakteur: Matieland, Afdeling Bemaking en Kommunikasie, Universiteit Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland 7602. Die faksnommer is (021) 808 3800.

afgeneem word sonder jou skriftelike toestemming. En dan word jy na die tyd nog gedwing ook om jou eie verwilderde uitdrukking op die skerm pie gade te slaan. Kameras kan boos wees.

Jy sien, ek was so gefokus op die kamera se elektroniese skerm pie dat ek amper vergeet het om my seuntjie se eerste konsert te geniet. Om elke sêding, liedjie en danspassie ten volle te ervaar.

Ons is so behep daarmee om die oomblik te bewaar dat ons vergeet om die oomblik te ervaar.

Wat maak ons as ons kinders vir 'n oomblik saam in die tuin speel of jou

Volgende keer in Matieland » Die nuwe rektor » Waar het taal ontstaan? » US speel belangrike rol in nuwe SA satelliet.

Alte inligting en opinies verskaf is van 'n algemene aard en is nie bedoel om die omstandighede van enige spesifieke individu of entiteit aan te spreek nie. Ons tree nie op as en poog ook geensins om op te tree as adviseur of in 'n fidusiere hoedanigheid nie. Niemand behoort op sulke inligting of opinies te reageer sonder toepaslike professionele raad na 'n deeglike ondersoek van 'n spesifieke situasie nie. Ons streef daarna om akkurate en tydige inligting deur te gee, maar ons lewer geen vertoog of waarborg, uitgesproke of per implikasie, rakende die korrektheid, akkuraatheid of volledigheid van die inligting of menings nie. Ons is nie van voornemens om die inligting op 'n geredes basis op te dateer, aan te pas of te wysig nie, of om enigiemand in te lig sou sodanige inligting mettertyd foutief raak nie. Enige vertoog of mening word uitsluitlik vir kennisname verskaf. Kollektiewe beleggingskemas in sekunte (effektetrusts) is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Die waarde van deelnemende belange (eenhede) mag afwaarts of opwaarts beweeg en vinge prestasie is nie noodwendig 'n aanduiding van wat in die toekoms gaan gebeur nie. Enige skommelings of veranderings in wisselkoerse kan 'n opwaartse of afwaartse invloed uitoefen op die waarde van onderliggende internasionale beleggings. Effektetrusts word verhandel teen heersende pryse en kan benut word in lenings en voorlopige aandeeluitkering. Vooruitkosteberekening word toegepas. 'n Uiteensetting van fooie en kostes en maksimum kommissie is op aanvraag beskikbaar vanaf die maatskappy of skema. Kommissies en aansporingsbonusse mag betaal word en indien dit gebeur, sal dit ingesluit word in die totale kostes. Investec Batebestuur is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer.

TJDR 18869/A

Investec Cautious Managed Fund

Die ideale fonds vir die versigtige belegger

Daar is 'n buitengewone en veilige groeigeleentheid vir die belegger wat risiko wil vermy. Dit staan bekend as die Investec Cautious Managed Fund. Dit bied gemoedsdruis aan beleggers soos markte op en af beweeg. Hierdie gebalanseerde fonds is ideaal geskik vir huidige marktoestande. En met Investec Batebestuur se uitstekende prestasies in dalende en stygende markte wéét jy dat jy in goeie hande is. Is dit nie wat jy verwag van jou mees betroubare beleggingsvennoot nie? Skakel ons by **0860 500 100** of besoek **www.investecfunds.co.za**



Out of the Ordinary™



Investec

Asset Management

la Clémence

by Stellenbosch

Koester Jou Aftrede!

Hunker u na 'n vredevolle, baie spesiale rustyd?

La Clémence, 'n unieke ontwikkeling gerig op die aftree-mark en omvou tussen die mees asemrowende uitsigte, is geleë midde-in die Stellenbosse Wynlande - slegs minute vanaf die historiese middedorp, oorkant die De Zalze Gholflandgoed en langs die Stellenbosch Square.

'n Pêrel na waarde geskat:

Die beleggingspotensiaal van la Clémence is onmiddellik deur kopers geeien: Slegs enkele wonings van die 72 geleenthede in Fase 2 is tans nog vanaf R1 620 000 beskikbaar.

Soos die aankondiging van 'n besondere geboortedatum, wag voornemende kopers angstig op die eersdaagse bemerkingsdatum van die derde fase ...

Dertig uitsoekgeleenthede wag om in die hande van besondere kopers geplaas te word: die mooiste wonings tussen kultuurhistoriese lowergroen olienhoutbome, 'n kabbelende waterstroompie en die silhoeët van die blou Stellenbosch-berge voltooi u aftrededroom.

TWEE- EN DRIESLAAPKAMERWONINGS MET 'n HEMELSE NOORDELIKE FRONT!

Onvervangbare eienskappe, 'n onverbeterbare aanbod

- Uitsonderlike ligging
- Eie titel
- Lushof-landskapering
- Omvattende sekuriteitsbeheer: beheerde toegang met gemoniteerde grense
- Moderne gesondheidsorg
- Stylvolle afwerkings

'n Doelontwerpte KLUBHUIS:

- met 'n ruim noordfront stoep, toegespits op die natuurskoon
- 'n ontspanne, huislike atmosfeer
- smaaklike etes vanuit 'n moderne sjef-ontwerpte kombuis
- saamkuier-geleenthede
- knetterende kaggelvure
- swembad
- ... 'n ondersteunende gemeenskap en vriendekring!

...Wie kan deel in hierdie idilliese gemeenskapsleefstyl?

La Clémence maak sy arms oop, nooi u hartlik uit indien u of u gade 55 jaar of ouer is; 'n jonger belegger met toekomsvisie is: Wil u vir u ouers of vir u eie gekoesterde aftrede voorsiening maak?... la Clémence se deure staan wawyd oop!

DIE UURGLAS LOOP LEEG...

Die gedreun van brullende masjiene het reeds die aarde oopgekloof, ysterkake het bestaande beton en stene tot herbenutbare materiale vergruis, die infrastruktuur dienste vir die eerste twee fases word nou afgehandel ... die BOU-PROSES neem 'n aanvang: die imposante ingangshek word 'n tasbare werklikheid ... Die eerste stene van Fases 1 en 2 sal tydens Januarie 2007 gelê word; voltooiing van alle fases teen die einde van 2008!

KONTAK ONS DRINGEND:

Naomi	084 687 5823
Nicholas	083 954 6689
Kantoor	021 880 1091
Webwerf	www.laclemence.co.za

Verkoopkantoor te Stellenbosch Square (Suidingang) ... die geur van 'n stomende koppie koffie nooi u hartlik na binne!



Die bestaande woning wat in 'n besondere klubhuis omskep sal word.



Konstruksie: volstroom aan die gang.



Die projekbestuurder bespreek kliënte se voorkeure.



'n Ontspanne oomblik tussen konsultant en kliënte.



Ons deel in die lekkerte van meet en pas.

NOU
TE KOOP
alle kostes ingesluit